ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# VDM

Jaargang 2/2 Junie 1992

## DIE KONING IS DOOD, LANK LEWE DIE KONING..?

Die kerk verkondig al amper vir 2000 jaar die dood en opstanding van Jesus Christus en dat die Satan deur Hom oorwin is. Die baie aandag wat die Satan deesdae uit alle oorde ook vanuit die kerk kry is dus ietwat vreemd en onbegryplik.

*Vanuit Jesus se oorwinning op Golgota is deesdae se herlewing van die stryd teen die Satan eintlik heeltemal irrelevant.*

Vanuit Jesus se oorwinning op Golgota is hierdie herlewing van die stryd teen die Satan eintlik heeltemal irrelevant. Of reken die satansbestryders die spreuk DIE KONING IS DOOD, LANK LEWE DIE KONING geld op een of ander sinistêre manier ook vir "die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is"(Op. 20:2). Dis natuurlik verspot want hierdie teks gaan juis verder en sê hierdie ou slang is gebind vir 1000 jaar. Dit is volkome.

Hoe 'n mens egter al hierdie gratis reklame vir die Satan en sy volgelinge se aktiwiteite anders moet hanteer is 'n moeilike saak. Terwyl die een die ander probeer oortref met grilleriger en meer grusame besonderhede is dit die duiwel en sy trawante wat elke keer die kalklig steel en as die wenners wegstap.

In plaas van om hulle grusaamheid en gruwels aan die gemeentes voor te hou moet die kerk veeleerder die evangelie van Jesus Christus met sy heldere lig van oorwinning aan die wêreld verkondig.

Die kerk moet hom besig hou met "die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit"(Kolossense 3:1). Jesus se oorwinnig, Sy hemelvaart, Sy regering aan die regterhand van die Vader - dit is die kerk se fortè.

Maar wat van die die sataniste en al die gruwels waarmee hulle hulleself vermaak, hoor ek iemand vra? Wel, wat daarvan? As hulle dom genoeg is om 'n verloorder te wil "aanbid" hoef ek mos nou nie beangs en bevrees te raak nie, behalwe vir hulle part. En dan juis vanuit my kommer oor hulle lot, verkondig ek aan hulle die evangelie van Jesus Christus en Sy bevryding uit die mag van die Satan.

Bang vir hulle? Nie maklik nie. Jammer, ja! Besorg en lief, ja! Daarom mag ons nooit moeg word om hulle te herinner aan die uitslag op Golgota nie. Hulle "koning" is daar oorwin. As hulle dit glo, kan hulle ook oorwinnaars wees. Meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet(Romeine 8:37).

*Die enigste binding wat in my lewe funksioneer is die aan Jesus Christus. En hy het gesê "Niemand sal hulle uit my hand ruk nie"(Johannes 10:28).*

Geen binding of wat ook al nie, het enige mag oor my as gelowige nie, want ek behoort aan Jesus Christus. Dit is my enigste troos, want Hy het my losgekoop uit die mag van die Satan. Die enigste binding wat in my lewe funksioneer is die aan Jesus Christus. En hy het gesê "Niemand sal hulle uit my hand ruk nie"(Johannes 10:28).

Wat van 1 Petrus 5:8: ..die duiwel, loop rond

soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind". Hierdie waarskuwing aan die gemeente het nie op oog om hulle te laat skrik of om hulle bang te maak nie, maar om hulle tot standvastigheid in die geloof in Jesus op te roep. Prof. Adrio König sê in sy boek, JESUS DIE LAASTE op p. 166, "Die waarskuwings aan die gemeente is nie bedoel om hulle 'duiwelbewus' te maak nie, maar om hulle te herinner dat die oorwinning nét in **Jesus** hulle deel is."

*Moenie die mense duiwelbewus maak nie.*
*Maak hulle Christus bewus.*

Hierdie twee lyne in die Bybel, die van Jesus se oorwinning oor die Satan en die waarskuwings teen die Satan weerspreek nie mekaar nie, maar maak dit juis duidelik dat ons enigste troos in Jesus se Heerskappy lê. Hy het ons losgekoop uit die mag van die Bose.

Om dit te verkondig: Jesus Christus en sy oorwinning, dit is die roeping van die kerk. Niks minder nie, maar ook niks meer nie. Ons hoef nie die Satan te bestry nie. Jesus het hom vir ons oorwin, sy kop platgetrap. Sy lawaai in hierdie laaste dae is niks meer as vertoon en die laaste stuiptrekkings en stertswaaiery van 'n afkop akkedis nie.

Al die waarskuwings in die Bybel teen die Satan het dus net een doel en dit is om die volgende feit te onderstreep:

**Die koning was dood, lank lewe die koning en die kerk saam met Hom!**

**Die koning was dood, vir ewig lewe die koning en die kerk saam met Hom!**

# Oppie parade

**Woensdag oppie parade kan jy 'n Trânsvâålse vakansieganger maklik herken.**

**Anders as die Kapenaars wat gewoond is aan die show en onaangeraak, haastig verbystap, verstom al wat 'n Trânsvâler is hom aan die klomp Jimmy Swaggarts in training - met Bybel, amplifier en al.**

**Met sy passie om die hele wêreld te bereik, staan daar eenkant 'n prediker sy beurt en afwag tussen al die voos bepreekde toeskouers, want aanhoorders is hulle beslis nie. Nee, hulle sit maar net daar geduldig, gedienstig, gedweë om die monument in die warm son. Ongestoord deur die straatprediker staar hulle met dowwe oë en dowe ore in die leegte in.**

**Dan vang sy oog haar waar sy eenkant staan en wag vir haar man wat nie weet of hy moet lag of huil oor wat hy sien nie, en so word sy prooi van hierdie sielejagter."Is djy ôk een van liewe Jesus se kindertjies?" vra hy.**

**Gedagtig aan haar getuienistaak aan die eenkant, maar aan die anderkant ook nie lus vir die three easy steps to heaven en alles wat mag volg op wat sy ook al antwoord nie, sê Mevrou toe ewe versigtig en saaklik: "Ja, ek is."**

**"Maar dis te wonnerlik! Van wanner af?" probeer die prediker seker maak dat hierdie siel hom darem nou nie so maklik ontglip nie.**

**In die lig van baie vorige ondervindings sê sy toe: "Van lankal af. Om die waarheid te sê van kleinsaf al."**

**Ietwat afgehaal deur hierdie heldere verbondstaal, maar lank nie oorwonne nie haak hy af, "Ek hoop darem nie van te klein af nie."**

**P.U. Paulsen.**

**Eat your hart out, wat van voor die grondlegging van die aarde af.**

REDAKTEUR: Danie O'Reilly.
TEGNIESE REDAKTEUR: Jaap Naudè.
MEDWERKERS:Soos vermeld per bydrae.

ADRES: Die Redakteur, Posbus 8005, Putfontein, 1513.

KOSTE: Intekengelde Beloop R 24.00 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R 6.00

FREKWENSIE: VDM verskyn telkens as hy gereed is, maar nie minder as vier keer per jaar nie.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# 'n Brief aan Prof. Frikkie Botha in die hemel?

*Beste Prof,*

*Ons hoop dat u môre oggend tydens tee in die hemel hierdie brief gelees sal kry.*

*Ons is 'n paar van u studente wat jare terug in u klas gesit en luister het na u entoesiastiese aanbieding van Nuwe Testamentiese teologie.*

*Ons sien vandag nog hoe dat u met opgewerkte entoesiasme nie kon wag om ons vrae oor die sektes te beantwoord nie. U het byna die swartbord met die kryt aangeval soos u geskryf en verduidelik het. Wie sal ooit daai swaaiende voorvinger vergeet waarmee u so goed kon verduidelik? En daardie kort laggies voordat u in dolle vaart weggetrek en die sektes se binnekant buitekant toe omgedop het?*

*Maar prof, ons moet erken dat ons eers later die boodskap wat u so goed verstaan het, self verstaan het. Ons het destyds al besef dat u iets beet het, maar dit het ons jare gevat om die implikasies van u liefde vir die gereformeerde belydenis te verstaan en te integreer in ons denke. Ons moet erken dat die liggies van die piëtisme vir ons toe te lokkend geflikker het.*

*Die leer van Christus alleen, genade alleen was vir ons toe nog te min en te lig. Ons het in ons enigheid gedink dat ons vir God en Jesus Christus moes help om orde op sake te kry. Ons het toe nog nie goed besef dat ons net God se klankversterkers mag en hoef te wees nie. Ons wou die boodskap wees. Daar was in ons kragtige jeug te veel "ons". Ons het gedink Jesus Christus alleen was(met respek gesê) te lig in die broek om self die koninkryk te bring.*

*Ons het toe nog nie die subtiele eie geregtigheid in ons vroom mondering raak gesien nie. Nie dat ons dit juis vandag so goed doen nie, maar ons het darem al so 'n bietjie geleer om na ons Here op te kyk en alles van Hom te verwag(ons doen dit ook nie so goed nie.)*

*Beste prof, ons wil hier mee aan u laat weet dat u werk nie verniet was nie. En agterna bekyk en agterna gedink, al is dit baie jare later, wil ons u hiermee graag laat weet: Dankie vir alles. En veral oor wat u ons oor die evangelie wou leer. Naamlik God se genade en sy Seun alleen.... Altyd weer! Ons bevestig dat ons die boodskap verstaan: God se genade en God se Seun ins vir ons genoeg, meer as genoeg. Dit was so vir u en dit is vir ons.*

*Groete.*

*Baie van u studente.*

## *Fronte wat verskuif?*

Eers het die geestelikes, die kapelaansdiens van die weermag gebruik, om deur hulle geveg teen die kommunisme, die piëtisme as staatsgodsdiens te probeer vestig.

Met die Nuwe Suid-Afrika se oorgangsproses van 'n militêre staat na 'n regstaat lyk dit asof die polisie nou hierdie rol gaan oorneem, want onder leiding van geestelikes in hulle kapelaansdiens word die polisie mos nou deesdae satansbestryders in plaas van misdaadbestryders.

Petrus Kriel.
Ned. Geref. Kerk Levubu.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

PREEK NUWE TESTAMENT

Lukas 1:35

# GEBORE UIT DIE MAAGD...

Die twaalf artikels is 'n samevatting van die evangelie. Sodanig dat die volle werk en vrug van Christus daarin aan die orde gestel word. Die gedeelte oor Christus handel oor Sy werk terwyl die deel oor die Gees die vrug van Sy werk hanteer.

> *Die geboorte van Christus is 'n baie spesifieke deel van sy werk in onderskeid met byvoorbeeld sy kruisiging en elk het sy eie afsonderlike vrug wat dit vir ons in hou.*

Elke deel van die evangelie het 'n besondere vrug en seëning wat aan ons geskenk word. Elke spesifieke vrug vloei voort uit 'n spesifieke werk van Christus waaraan dit verbind is.

So is die geboorte van Christus 'n baie spesifieke deel van sy werk in onderskeid met byvoorbeeld sy kruisiging en elk het sy eie afsonderlike vrug wat dit vir ons in hou. Die kruisiging se vrug vir ons is byvoorbeeld die betaling van ons sonde.

Die artikel van die geboorte uit die maagd Maria beteken dat Hy as mens heilig is. Lukas 1:35 "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God." Hierdie heiligheid is iets wat Hy in my plek is, vir my, voor God.

> *Jesus is op geen wyse deur 'n man en vrou verwek nie en daarom nie deel van die ou skepping nie.*

Dit is nodig omdat die wet heiligheid van my eis. In die maagdelike geboorte kom die Heilige, die Wetgewer self onder die eis van die wet staan. Hy doen dit in die plek van die skepsel wat onheilig is.

Om in hulle plek te kan staan moet Hy egter een van hulle wees. Daarom word Hy gebore, nie maar net op dieselfde wyse as hulle nie, maar **AS** een van hulle. So word Hy as Wetgewer, Onderdaan van die wet en nie maar net iemand wat Hom inleef in hulle situasie nie.

Hy word uit die vrug van die vrou, Maria, gevorm as een van die mense onder die wet. Been van hulle been en vlees van hulle vlees. Heb 2:14-18: "Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword....Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word..."

Ja, Hy is aan elke opsig aan ons gelyk behalwe aan die sonde, en dit is juis wat die maagdelike geboorte wil stel en onderstreep. HKS 14.

> *As mens wat uit Maria se liggaam gevorm is, is Hy 'n nuwe skepping, die tweede Adam en daarom sonder sonde - dus heilig.*

Alle mense word in sonde ontvang en gebore, kompleet met erfsmet en al. As Jesus uit Josef geskep(verwek) was sou Hy ook deel hê aan die erfsonde. Maar nou is Hy deur die Heilige Gees verwek(geskep). Daarom is Hy sonder erfsonde en erfsmet gebore.

Wat van Maria en haar sonde? So op die oog af lyk dit asof net Josef uitgeskakel is, maar in werklikheid word albei uitgeskakel, want Maria is nie deur God bevrug nie. Jesus is slegs uit haar liggaam geskep, soos uit die stof van die aarde. Sy is slegs deur God in diens geneem.

Jesus is op geen wyse deur 'n man en/of vrou verwek nie en daarom nie deel van die ou skepping nie. Hy is weliswaar uit die mens, Maria, se liggaam gevorm, maar Hy is sonder sonde, heilig, want Hy is 'n nuwe skepping van die Heilige Gees, die tweede Adam van God self.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

Dit dan wat betref die werk van Christus. Watter betekenis, vrug het dit vir ons?

*Elkeen wat glo dat Jesus vir Hom gebore is leef dus in die sekerheid dat Hy werklik heilig is voor God ten spyte van sy eie onheiligheid.*

Deur die Gees word ons verenig met Christus en so ingesluit by alles wat Hy vir ons gedoen het en wat Hy vir ons is. As gelowiges is ons dus ook deel van die nuwe skepping. Kolossense 2:9 en 10 "In Hom is die volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid."

Ons deel dus in die heiligheid van Christus, net soos wat ons deel in sy sterwe en opstanding. Elkeen wat glo dat Jesus vir Hom gebore is, leef dus in die sekerheid dat Hy werklik heilig is voor God ten spyte van sy eie onheiligheid. Kolossense 1:22 "Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle te heilig, sonder smet en onbersipelik voor Hom te stel" en Heb. 2: 11 "Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader."

Ons leer die mense om te glo in die kruisgebeure en dat hulle op grond van die vrug wat dit vir hulle inhou, nie vir hulle sonde hoef te betaal nie. Ons moet hulle ook leer dat deur die geloof, spesifiek in die feit van Jesus se geboorte vir hulle, hulle werklik heilig is. Hulle hoef nie nou nog te probeer om hulleself geskik(heilig) te maak vir gemeenskap met God nie.

Die werk van Christus is Sy geboorte. Die vrug vir ons is, 1. heiligheid as status 2. die innerlike waardigheid en vrymoedigheid in hierdie status om voor die Heilige te kan verskyn 3. die wegneem van die skaamte voor God as 'n onheilige teenoor die Heilige en 4. die innerlike wil om as nuwe skepsel heilig te lewe.

*Wees wat jy is.*

Nou ontstaan die vraag as ons dan reeds heilig is, hoekom streef Christene nog heiligheid na? Hulle doen dit nie uit 'n gebrek aan heiligheid nie maar juis vanuit die volheid van die waarheid daarvan. Hulle streef met ander woorde daarna om te leef volgens die waardigheid wat hulle glo en weet en voel hulle is.

Heiligmaking sê dus twee dinge nl. Jy is heilig, en wees heilig. Die teologiese logika van **word wat jy is,** is geen teologie of logika nie maar slegs een of ander stuk skewe filosofie. Die ware teologie(Gods Woord) sê, **wees wat jy is.**

*In die piëtisme kom heiligheid nooit as deel van die vergiffenis(evangelie) nie, maar altyd as deel van die wetsgehoorsaamheid. Dis 'n opdrag tot toewyding en wel as iets wat hulle nog moet word.*

Ons jaag m.a.w. die heiligmaking na, nie om nog iets te word nie, want ons is dit reeds. Ons jaag dit na omdat ons dit is. Ons streef die heiligheid dus na, juis om te wees wat ons is.

In die piëtisme kom heiligheid egter nooit as deel van die vergiffenis(evangelie) nie, maar altyd as deel van die wetsgehoorsaamheid. Dit maak altyd deel uit van 'n toewydingslewe en wel as opdrag, as iets wat hulle nog moet word.

By piëtiste is heiligheid nie om deel te hê aan en ingesluit te word by, die heiligheid van Jesus as mens in die hemel nie, maar om deur wetsgehoorsaamheid deel te kry aan die Godheid van die Gees.

Teenoor die gemeenskap van die heiliges in die kerk, wat die hele gemeente met al sy foute, koudheid, gebreke en doodsheid insluit, is gemeenskap van die heiliges vir die piëtiste net die groepie wat boekie twee met 80% geslaag het. Net die geesvervuldes.

Het ons hier dus nou maar weer twee standpunte? Een wat heiligmaking as status beklemtoon en een wat die klem meer op heiligmaking as proses laat val.

Nee, beslis nie. Dit gaan om inhoude wat reg geformuleer moet word en nie maar om een of ander balans wat tussen twee uiterstes gevind moet word nie.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

As ons sê heiligheid is status dan beteken dit Jesus se heiligheid word jou toegesê, toegereken. Met proses weer, word nie bedoel dat jy al heiliger word nie, maar dat jy, in die aangesig van jou voortdurende sonde, steeds en al meer moet glo, al meer moet vashou aan Jesus Christus as Seun van God wat vir jou gebore is - sonder sonde (heilig) sodat jy heilig kan wees.

As mens die onderskeid wet en evangelie reg verstaan dan word dit verder duidelik dat heiligheid as status en proses, nie as twee pole, wat albei maar net ewe veel klem moet kry, hanteer kan word nie.

Status en proses het onder wet en evangelie 'n eie plek en inhoud.

**EVANGELIE**

Deur die Evangelie is heiligheid 'n

STATUS,
waardeur die heiligheid van Christus my **toegesê** word.

Dit is ook 'n voortdurende

PROSES,
waarin ek ten spyte van my onheiligheid moet **voortgaan** om dit elke keer weer te glo.

**WET**

Onder die Wet is dit

STATUS,
want dit **stel** my onheiligheid aan die kaak.

Ewe-eens is dit 'n

PROSES,
want dit **dryf(tug)** my om elke keer my toevlug na Christus te neem en nie om al meer die wet te probeer na jaag nie.

Die piëtiste maak 'n sintese tussen wet en evangelie, hulle volg die 'goue middeweg', deur die filosofiese konstruksie word wat jy is, indikatief -imperatief en hanteer status en proses op 'n polêre wyse.

**EVANGELIE \WET**

| | |
|---|---|
| In hierdie sintese is heiligheid ook 'n | Heiligheid is hierin wel ook 'n |
| STATUS, | PROSES. |
| maar jy is net in **beginsel** heilig, dis nie iets werkliks nie. Jesus is bloot 'n voorbeeld van wat ons in beginsel is, maar nog nie werklik self is nie. | Dis nou die manier waarop jy die beginsel **waar maak** deur al beter en beter en beter en beter te word. |

Petrus Kriel.
Ned. Geref. Kerk Levubu.

---

Na die val van kommunisme(in Oos-Europa) het die Serkos-verslag aan die sinode van Noord-Transvaal 1991 'n interesante verskuiwing gehad: "Die aanslag" word nou nie meer as kommunisties beskryf nie maar ewe skielik as satanies.

Gelukkig het die sinode nie hierdie nuwe vyand aanvaar nie. Ongelukkig gaan die algemene propagering van satanisme steeds voort as 'n manier om ou geestelike gevegte voort te sit.

**Athanasius.**

---

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# ACSV: QUO VADIS?

Die week van 11-18 April het die 15 Oos-Transvaalse streke van die ACSV met ongeveer 400 jongmense uit verskillende kerkgroepe by Winklespruit gaan kamp. Volgens inligting het daar onder andere die volgende dinge op die kamp gebeur.

*Talle verbondskinders is bevry van "bindinge".*

1. Ds. Louis Cloete van die Ned. Geref. Kerk Witbank-Klipfontein het onder andere "bindinge" van duiwels op verbondskinders en belydende christene gebreek. Talle kinders getuig van hulle "bevryding".

Op navraag het Ds. Cloete gesê dat daar wel kinders met "bindinge" was en dat daar "bevryding" gekom het. Hy sê dat 'n ander dominee ook vroeër op Maselspoort by 'n ander ACSV-kamp demone uit kinders gedryf het.

Ds. Cloete sê mens moet onderskei tussen duiwelbesetenheid en "bindinge". "Bindinge" is dat die duiwel op sekere dele van jou lewe 'n vashou plek kry, bv. opstand teen ouers, steel, seksuele sondes en oortredings van ander gebooie.**(Die Here Jesus het dus oor seker dele van jou lewe heerskappy en die sondige dele van 'n mens se lewe is blykbaar onder die houvas van die duiwel. Slegte nuus is dit nie? Die goeie nuus is "dat Christene gelukkig nie besete word nie, net gebind kan wees.")**

*Die duiwel kry hierdie "bindinge" op mens deur jou doelbewuste sonde.*

Die groot probleem, volgens ds. Cloete, is dat die duiwel hierdie "bindinge" op mens kry deur jou doelbewuste sonde.**(Mens moet dus nooit weer doelbewus sonde doen nie. En as jy dit doen kom daar blykbaar 'n "binding". Is daar nie in elke sonde 'n element van moedswilligheid en doelbewustheid nie? En as dit so is, hoe min troos die evangelie dan?)**

*"Bindinge" kan so sterk wees dat sondebelydenis, die doop of selfs pastorale hulp nie help nie...bestraffing en samewerking is nodig*

Ds. Cloete sê dat "bindinge" so sterk kan wees dat sondebelydenis, die doop of selfs pastorale hulp nie help nie en dan moet mens soos hy sê: "Outoriteit in Jesus neem" en die "bindinge" in die naam van Jesus bestraf. Om "bevryding" te bewerkstellig moet kinders hulle samewerking gee deur hulle sondes te bely en nadat "bevryding" plaasgevind het moet hulle steeds saamwerk deur toegewyd te lewe en nie doelbewus te sondig nie. As dit nie gebeur nie kan hulle weer in of is dit onder 'n "binding" val.**(In elk geval slegte nuus).**

2. Die musiek was blykbaar uiters professioneel, met tromme en al en die kinders het die Here "spontaan en natuurlik" met opgehewe hande geloof, blykbaar soos in die Pinkstersektes.**(Waarom soos die Pinkstersektes en nie soos die Ned. Geref. Kerk of die susterskerke nie?)**

3. Die seuns en die dogters het mekaar "spontaan en natuurlik" ge-'hug' om daarmee hulle toegeneentheid teenoor mekaar te toon - hulle is immers boeties en sussie in Jesus.**(Is die soms intieme drukkery werklik so "spontaan en natuurlik onskuldig"?)**

4. Blykbaar was dit ook glad nie belangrik in watter kerk jy is nie, want in Jesus is mos ons almal dieselfde. Ds. Cloete het die kinders op 'n stadium in hulle kerkverbande laat staan en hulle toe weer na hulle denominasie-gemengde groepies laat terugkeer om aan die kinders te demonstreer hoe sleg dit was om sonder hulle boeties en sussies van die ander groepe te wees. Die blydskap was groot toe hulle terugkeer na die oorspronklike denominasie-gemengde groepies.**(Dis 'n demonstrasie van eenheid van**

**liefde - maar waar is die waarheid? Die reformatoriese kerke praat van die drie formuliere van eenheid en bedoel daarmee die eenheid in geloofsbelydenis, eenheid in dieselfde waarheid en nie eenheid in liefde nie. Is hierdie "liefde" nou die nuwe definisie van waarheid? Dis nog waarheid nog liefde, maar bloot jongmense se ge-'hug' oftewel gewoon groepsdinamika).**

Die ACSV is in 'n dilemna, want hy is nie kerk nie maar alles wat hy doen is kerklik. Om lofprysingsdienste en sogenaamde "bevrydings"**(indien dit dalk teologies waar sou wees dat Jesus Christus 'n halwe Here van die ware kerk is,)** te bewerk, is immers dinge wat die kerk doen of sou moes doen.

Daarom nou 'n paar vrae.

1. Met watter kerk se teologie gaan die ACSV homself in die toekoms assosieer? Indien hy sê met geen kerk of belydenisgrondslag nie, is dit uiters naïef en sal die gevolge ontsaglike teologiese verskraling van die Waarheid en die waarheid wees.

2. Reken die ACSV hoegenaamd nog met verbondsteologie as hy met ons kerk se kinders werk? As die ACSV dit nie doen nie verskraal hy die genadeverbond grensloos en werk met ons kinders as heidene. So word die kinderdoop effektief ontken en moet hulle soos hulle interkerklike boeties en sussies Jesus eers aanneem en innooi en toelaat om die Here te wees, want hulle doen dit by hulle "kerk".

3. Hoe gaan die ACSV "bindinge" teologies hanteer. Ons sou graag wil weet hoe die duiwel nou so skielik soveel mag en seggenskap kry oor Christus se kerk?

4. Indien die ACSV sy rug op die belydenisskrifte sou draai(soos wat daar blykbaar stemme op gaan) watter morele reg het hy om hoegenaamd nog met die Ned. Geref. Kerk se kinders te werk?

5. Hoe gaan die musiek en sang en aksie van die ACSV se eredienste in die toekoms lyk en sal die vreemde liturgie ook aanleiding gee tot botsings tussen die susterskerke en die ACSV?

Die hoof vraag is hoe oordeel die ACSV oor hierdie praktyke wat onder sy vaandel plaasvind en wat gaan hy daaraan doen?

Hennie van Schalkwyk.
Ned. Geref. Kerk Malvern.

---

# MODES?

*Een van die nuwe modes onder die seuns is mos om hulle hare in sulke trappe van vergelyking te sny. So lyk dit altans. Ek weet nie of dit om enige ekonomiese redes is nie, miskien is dit goedkoper as jy net party sny en die ander los. Nietemin hierdie steps, so word dit glo genoem, is volgens sommige skoolhoofde teken dat jy 'n satanis is.*

*My prof in Wysbegeerte doer in Bloemfontein het doer in 1974 al vir ons geleer, moet tog net nie eendag teen modes preek nie. Dit verander te vinnig. Dis hoog tyd dat 'n paar van die manne in die opvoedkunde en party dominees dit ook hoor.*

*Dalk sal hulle dan ophou om kinders wat een of ander mal modegier navolg as sataniste te etiketteer. Lank nadat die modegier oorgewaai het loop die kinders nog met die letsels. Die mode van steps hoor ek is al lankal weer ou nuus.*

*Nog 'n mode wat ek hoop gou(er) uit sal raak is hierdie swart klere, maar om dit as satanies te beskou? Dan was al ons thirty-somethings, met ons lang hare en bellbottoms seker hippies?*

*Agge nee bog man, jy kon een gewees het, as jy wil, maar vir my was dit gelukkig net nog 'n gekke modegier wat my nou lekker laat lag as ek saam met vroulief deur die album blaai.*

*Buitendien kon ons nie hippies gewees het nie, vergeet jy so gou, ons was komministe! So het hulle gesê?*

Christian D.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# DIE WOORD AS HEILSMIDDEL

## DIE SLEUTEL TOT HEILSEKERHEID

Die groot verdienste van die Reformasie was dat die sekerheid die wese van die geloof was. Geloof is sekerheid. Hierdie sekerheid is gegrond in en word ontvang uit die Woord van God, sy beloftes, sy Waarheid, Christus.

> *Deesdae word sekerheid eerder op die vertroue, aanneem, erns van jou skuldbelydenis, vroomheid en geloof van die mens, in plaas van op Christus en sy Woord gebou.*

Kort na die Reformasie het daar 'n klemverskuiwing plaasgevind. Sekerheid is nou, in plaas van op die Woord van God, in plaas van in dit wat God sê en toesê, in die mens gesoek(reeds by Beza). Ook in ons dag word sekerheid eerder op die vertroue, aanneem, erns van jou skuldbelydenis, vroomheid en geloof van die mens, in plaas van op Christus en sy Woord gebou. Die spreke oor die aard van die Woord by die Reformasie bied vir ons die sleutel tot die regte verstaan van die verhouding tussen God se genade en die menslike verantwoordelikheid.

> *In die meeste gevalle funksioneer die Woord as blote informasie óór die heil, óór dit wat Christus gedoen het, wat later met vertroue aangevul moet word.*

Daar moet gewaak word teen die onderwaardering van die Woord. Baie min predikante sal sê dat die Woord in hulle bediening onderwaardeer word. Ons gebruik tog die Woord elke dag. Die vraag is egter nie of ons die Woord gebruik nie, maar watter funksie die Woord vervul.

Almal sal saamstem dat ons moet glo wat God sê en dat ons sekerheid op die Woord van God gebou is. Die probleem is egter dat die Woord in die meeste gevalle as blote informasie óór die heil, óór dit wat Christus gedoen het, funksioneer. Dit beteken dat die heil in Christus 'n blote stand van sake word waarvan daar kennis geneem kan word en wat later met vertroue aangevul moet word.

By die Reformasie het die Woord as heilsmiddel gedien. Die betekenis van die Woord as heilsmiddel is daarin geleë dat die Woord die lewende Woord van God is, waarin God in Christus en deur die Heilige Gees "de vergeving der zonden, het nieuwe leven, kortom het volle heil, ja, Zichzelf schenkt" (Veenhof: Prediking en uitverkiesing, 219).

Deur die prediking van die evangelie is God besig om deur die Heilige Gees die heil wat 2000 jaar gelede op Golgota verwerf is, uit te deel en in die mens se skoot te laat val. Deur die prediking van die evangelie word die reeds volbragte heil present(teenwoordig) gestel en present gegee. Met die doop stort God sy liefde op my kop uit. Hierdie Woord(en sakrament) is op die geloof gerig en skep die geloof in die reeds volbragte versoening in Christus (Rom. 10 : 17). Hierdie Woord hoef nie "waar" gemáák te word nie. Dit is waar.

> *Wie die doctrina verkondig, stel die gekruisigde Christus in die midde van die hoorders, waardeur die mens op geen wyse neutraal kan reageer nie. Die gepredikte Woord, is die pyp waardeur die Heilige Gees in die hart van die mens stroom en die heil aan die mens geskenk word.*

Calvyn en Luther het ongelooflike uitsprake oor die prediking van die Woord gemaak. Die uitsonderlike beklemtoning van die prediking deur Luther, word bevestig deur sy uitspraak dat die kerk nie 'n penhuis is nie, maar 'n mondhuis. Waar die woord nie gepreek word nie, moet daar volgens Luther ook nie meer gesing, gelees of saamgekom word nie. Hieruit blyk reeds dat die prediking op geen manier vir die Reformasie 'n neutrale praatjie oor die heil van die mens kon wees nie. Wie die doctrina verkondig, stel die gekruisigde Christus in die

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

midde van die hoorders, waardeur die mens op geen wyse neutraal kan reageer nie.

Uit Luther se mond word verder gehoor dat die mens by die woorde van Christus moet bly en die gedagte moet laat vaar dat God die sonde op 'n ander wyse as deur die mondelinge Woord vergewe het, of sal vergewe. Die Bybel is vir Luther allereers woord, spreke, stem.

Hierdie woord moet gehoor word sodat Christus nie net met die oë gesien word nie, maar met die ore gehoor kan word. Christus kom immers deur die prediking self na die mens, tot in sy hart. Hierdie Woord wat gepreek word, is die pyp waardeur die Heilige Gees in die hart van die mens stroom en die heil aan die mens geskenk word.

Calvyn lê, soos Luther, klem daarop dat die Here dit so bestem het om deur die verkondiging van die Woord die genade van God aan mense te skenk. Die mond en tong van die prediker is soos die mond en tong van Christus. Christus is wel nie meer op aarde nie, maar Hy is tog by ons en onder ons deur die prediking van die Woord, want in die prediking is die stem van Christus hoorbaar en het ons dus 'n teken dat Hy ons nie verlaat het nie.

Waar die evangelie gepreek word, is dit die uitspraak van God self, in die hoogste vierskaar afgekondig, in die boek van die lewe opgeskryf, in die hemel vas en seker bevestig.

*In die gepredikte Woord word Christus aan die mens geskenk...waarop geen mens neutraal kan regeer nie.*

Deur die prediking van die evangelie reformeer Hy die mens na sy beeld, formeer Hy 'n nuwe hemel en aarde, word die poort van die hemel geopen en kom Christus met al sy weldade na die mens as die Oorwinnaar oor die sonde en skuld. Deur die prediking versoen God Hom met die mens en druppel die bloed van Christus op die skare. Die lewe is nêrens anders as in God te vinde nie, maar Hy het in Jesus Christus die ganse volheid van die lewe kom skenk. In die gepredikte Woord word hierdie Christus aan die mens geskenk.

Daarom is die prediking vir Calvyn noodsaaklik in die verkryging van die saligheid. Omdat die predikers die kanale is waarlangs die lewende water uit die goddelike bron aan ons gegee word, is die verwerping van die kerklike prediking 'n saak van lewe en dood.

Wie hom teen die prediking verset, "is als een rebel, die Christus den schepter uit handen rukt", sê Van der Vegt in navolging van Calvyn: "Hun dwaze aanmatiging maak ze tot doodsvijanden van het volk Gods, ze keeren de orde Gods om; ze roeien de waarheid Gods uit; ze blussen den Geest uit, zij snijden de zenuwen in het lichaam van Christus door, ze scheiden zich af van Zijn lichaam, zij verklaren oorlog aan God, zij verloochenen hun eeuwig heil. Zonder de prediking van het Woord is er niets anders dan verderf." Vir Calvyn was die prediking van die Woord die eintlike genademiddel.

*In die gereformeerde tradisie is kennis vertroue, is die leer ook die lewe en is om te hoor ook om te doen.*

Waar die woord nie as heilsmiddel funksioneer nie, maar as blote objektiewe informasie óór die heil in Christus wat deur die geloof "waar" gemaak moet word, is dit die produk van die onbybelse polêre denke.

In hierdie denkskema staan die Woord as objektiewe informasie en die geloof van die mens as subjektiewe grootheid in 'n samewerkende verhouding tot mekaar. Die Woord kan alleen "geld" wanneer dit deur die vertroue van die mens "geldig" gemaak word.

Die gevolg hiervan is dat die mens kennis kan neem van die Woord as informasie, maar dat dié kennis deur die vertroue, die leer deur die lewe, die hoor deur die doen, aangevul moet word. So 'n denkwyse is onbybels en ongereformeerd. In die gereformeerde tradisie is kennis vertroue, is die leer ook die lewe en is om te hoor ook om te doen.

In die polêre denkskema, waarin die Woord dus nie as heilsmiddel funksioneer nie, bestaan twee wesenlike gevare. Enersyds sal die geloof

'n kreatiewe of skeppende karakter verkry. Die Woord moet deur die geloof "waar" gemaak word. Dit is 'n onderwaardering van die toeseggingskarakter van die Woord (en sakrament). Die hele verhouding tussen God en mens word gevolglik in terme van die beslissende betekenis van die menslike geloof beskryf.

Andersyds word die Woord blote objektiewe informasie van 'n stand van sake waarvan die mens slegs bewus moet word. Die gevolg hiervan is dat geloof gewoon nie as 'n noodsaaklike element in die prediking oor heilsekerheid funksioneer nie en word die gevaar van universalisme lewensgroot.

*Daar hoef(moet) nie terug gedeins te word vir 'n oproep tot geloof nie.*

Calvyn beklemtoon dat Christus buite ons geen nut het nie. Daar hoef nie terug gedeins te word vir 'n oproep tot geloof nie. Hoewel die geloof nie red nie, word die mens nie anders as in die weg van die geloof in Christus gered nie. Die vraag is nie óf die mens moet glo nie, maar wat die aard of funksie van dié geloof is. Indien die geloof 'n plek inneem waarin daar maar die kleinste sweempie van bydrae, waarmaking van Gods beloftes of menslike prestasie is, moet dit afgewys word. Die geloof rus in die reeds volbragte versoening in Christus. 'n Eensydige subjektiwistiese en objektiwistiese beklemtoning van die heil is vreemd aan die Reformasie.

*Dit spreek vanself dat alle vorme van voorwaardelikheid dus bestry moet word.*

Dit spreek vanself dat alle vorme van voorwaardelikheid dus bestry moet word. Geloof is nie 'n voorwaarde vir ons redding nie. Skuldbelydenis is nie 'n voorwaarde vir vergifnis nie. Berou is nie 'n voorwaarde vir Gods genade nie. Daar moet nie éérs geglo word voordat die beloftes van die Woord en sakrament in werking tree nie. Hierdie denkwyse is die duidelike gevolg van die onderwaardering van die Woord en sakrament as die toesegging en skenking van die heil. Dit is wel so dat die reeds volbragte heil in Christus opnuut in die hede deur die geloof, skuldbelydenis en berou as 'n heilswerklikheid ontvang word.

'n Waarskuwing: onthou, die suiwerheid van jou insig red jou nie. Christus red jou. Om te sê dat die suiwerheid van jou insig jou red, sou sektaries wees.

Annes Nel
Ned. Geref. Kerk Academia(Windhoek).

# Reëndanse?

"Dominee, hoekom het jy Sondag gesê ons moet nie glo dit sal reën as ons boete doen nie?"

"Ons moet die raad van die Here aanvaar sonder om aan sy goedheid te twyfel. Natuurlik moet ons en kan ons vir reën vra en as die Vader wil sal Hy dit gee. Maar as Hy nie vir ons reën wil gee nie, sal hy vir ons die krag gee om deur die droogte te gaan en daarmee saam te leef. Verstaan jy nou?"

"Ek dink so, maar een ding is seker, dominee se kerk gaan nooit vol word nie."

"Hoekom sê jy dit?"

"Die mense soek nie krag om deur die droogte staande te bly nie. Hulle soek reën!"

Jy verstaan goed dink die dominee en wonder of die opstellers van NGB art.13 ooit so daaran gedink het. En as hulle het of hulle dit anders sou gestel het. Ek dink nie so nie!

"..dat die goeie God... dit ... so bestuur en regeer dat... niks sonder sy beskikking gebeur nie."

Lees ook HKS 10 vraag 28, "Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees."

**Jeremia.**

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992



# "TEMPELDIENS" - HERSTEL

**Johannes 2: 13-21**

## A. JY ALLEEN

1. Vra God om jou skoon te maak van dit wat skeiding maak tussen jou en Hom, sodat jy die Skrif kan verstaan en glo.

2. Lees dan Joh. 2: 13-22 en antwoord dan die volgende vrae.

**2.1 Watter persone is deur Jesus van die tempelplein af weggejaag?**..............................
...................................................................................

**2.2 Hoekom het Jesus dit gedoen?**...............
...................................................................................

**2.3 Wat was die reaksie van die omstanders? (vs.17 en18)**.................................
...................................................................................

**2.4 Watter teken het hy hulle gegee?**................
...................................................................................

**2.5 Wanneer het die dissipels dit begryp?**........
...................................................................................

**2.6 Wat was die gevolg daarvan?**.....................
...................................................................................

**2.7 Sê kortliks in jou eie woorde wat beteken hierdie reinigingshandeling van Jesus vandag vir ons**.......................................................
...................................................................................
...................................................................................

Hier kyk ons gewoonlik vas teen die aspek van handeldryf binne die tempel. Die meeste mense verstaan dit dan ook so dat dit hier om 'n verbod op handel in die kerk gaan. Jy mag byvoorbeeld nie boeke in die voorportaal (tempelplein) van die kerk verkoop nie.

Die probleem is egter dat as ons dit so reglynig verstaan dan skep dit vir ons baie probleme. Dan sal ons ook moet kyk na die hele praktyk van basaar en kermisse op die kerklike terrein. As dit nou na oordrywing klink moet ons die formaat van die tempel in gedagte hou.

Ons is mos goed bekend met die die verskillende dele van die tempel. Daar was die Allerheiligste waar die verbondsark gestaan het. Dan kry jy die Heilige en dan die binneplein, wat weer in drie gedeel was. Die vir die manne, die vir die vroue en die vir die heidene.

*Die teenwoordigheid van selfs heidene op die tempelplein, dui aan dat die "verontreiniging" van die tempel nie gelê het in die blote teenwoordigheid van die geldwisselaars en die diereverkopers nie.*

Die tempelplein was dus 'n groot area waar omtrent enige iemand op kon kom. Lyk vir my mens sou dit amper kon vergelyk met deesdae se sale wat so half deel is van die kerk en gebruik word as daar baie mense is. Dieselfde plek wat vir basaar gebruik word.

Hiermee wil ek nie impliseer ons moenie basaar hou nie, alhowel dit totaal onnodig sal wees as ons dankoffers op datum was. Wel is dit hieruit duidelik dat as selfs heidene toegelaat was op die tempelplein, dan kon die verontreiniging sekerlik nie gelê het in die blote teenwoordigheid van die geldwisselaars en die diereverkopers daar nie.

Ons moet die verontreiniging van die tempel dus veeleerder soek in dit wat hulle daar gedoen het.

**Wat dink jy, hoekom was hulle daar?............**

..............................................................................

..............................................................................

Meeste van die tyd word hierdie geldwisselaars en diereverkopers as 'n klomp slegte mense beskou. Mense wat tipies "Joods" opgetree het en hulle volksgenote sleg uitgebuit het in die transaksies wat daar plaasgevind het.

Hierdie "oneerlike" wins wat hulle dan sou gemaak het, en dit binne in die tempel, word dan gesien as die rede waarom Jesus hulle uitgejaag het. Is dit dan nie wat Hy self ook sê nie: "Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie."(v.16)

*Die geldwisselaars en diereverkopers was glad nie sulke rowers was soos wat ons graag wil glo nie. Om die waarheid te sê hulle het 'n broodnodige diens gelewer.*

Om die rol van hierdie diereverkopers en geldwisselaars reg te verstaan sal ons egter die agtergrond en die konteks van naderby moet bekyk. Anders sal ons weer moet gaan kyk na ons winste op ons basaars?

Die werklike feite is dat hierdie geldwisselaars en diereverkopers glad nie sulke rowers was soos wat ons graag wil glo nie. Om die waarheid te sê hulle het 'n broodnodige diens gelewer. Stel jou voor ons moes nog op dieselfde wyse diere gaan offer het. Die groot trek sal soos 'n kategese piekniek lyk soos wat elkeen van ons met ons offerdiere aansukkel kerk toe. Almal van ons sou 'n bakkie of 'n waentjie of noem mens dit 'n Ventertjie moes aanskaf. Hoe anders sou ons die bulle, skape en duiwe by die kerk gekry het?

Om die situasie nog erger te maak het die volk nie om die hoek van die kerk af gebly nie. Hulle moes letterlik honderde kilometers aflê om te kon gaan offer. Dit was dus vir enige Jood doodnormaal dat 'n uithaler spekvet eersteling by die altaar aankom as 'n vel-en-been-maer gedierte.

Gelukkig is daar toe 'n slim priester met 'n blink idee. Los jou offerdiere by die huis en koop een hier. So kon hulle toe ook makliker toesien dat daar nie allerlei brandsiek maer offers gebring word nie? Uit dit alles blyk duidelik, die diereverkopers was nie net daar vir eie gewin nie, maar veral om die offerdiens 'n bietjie makliker(en beter) te maak.

As ons by die geldwisselaars kom wonder ek hoeveel mense het al ooit gewonder wat soek sulke ouens nou juis by die tempel. **Wat dink jy?**..............................................................................

..............................................................................

Die geldwisselaars het net so 'n belangrike funksie in die tempel soos die diereverkopers vervul. Die wat nog die Daan Desimaal dae onthou sal nou maklik verstaan. Die Jode het hulle in 'n situasie bevind waar hulle deur die Romeine oorheers is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Romeinse geldeenheid in algemene gebruik was. Amper iets soos die ponde, pennie en sjielings toe ons nog onder die Britte gestaan het.

Op hierdie Romeinse geldstukke wat in omloop was het die beeld van die keiser in al sy glorie gepryk. Wat 'n goeie rede vir enige vroom Israeliet om nie meer sy tiende in die skatkis te gooi nie? Hoe kan hy, wat die wet so goed ken en 'onderhou', dan tog nou 'n beeld in die huis van die Here in bring?

Weereens laat geen tempelpriester wat sy Joodse bloed werd is hom egter so maklik koud sit nie en siedaar, geldwisselaars wat op internasionale monetêre fonds styl jou Romeinse geld omruil vir Joodse muntstukke sonder enige beeld. Nou kon hulle gelukkig of is dit ongelukkig weer hulle tiende in die skatkis gaan gooi?

Wanneer mens die doel van hierdie geldwisselaars so begryp dan is dit half voor die hand liggend dat die gee van tiendes seker prakties tot 'n stilstand gekom het sonder die geldwisselaars. Hulle was dus ook onontbeerlik vir die funksionering van die tempeldiens en die gee van tiendes.

'n Mens kan amper hierdie geldwisselaars en diereverkopers vergelyk met die diakens wat

die bordjies na die mense toe vat om die dankoffer insameling makliker te maak. Dit

*Om die moeilike dele in die Bybel te verstaan moet ons die gereformeerde beginsel van die Skrif verklaar homself toepas...die makliker dele verklaar die moeiliker dele.*

beteken nie dat ons nou die diakens uit die kerk moet jaag of minder moet maak nie. Inteendeel, maar soos wat die diakens met Nagmaal die brood en wyn na die mense toe neem om dinge makliker te maak, het hierdie mense ook die tempeldiens met sy offers en tiendes gladder laat verloop.

Om dit te verstaan sal ons die gereformeerde beginsel van die Skrif verklaar homself hier moet toepas. Hiermee bedoel ons mos dat ons deur middel van kruisverwysings moeilik verstaanbare dele kan verklaar met behulp van makliker gedeeltes.

*Jesus jaag hulle uit omdat hulle die tempeldiens instand hou.*

Hulle het 'n baie belangrike rol gespeel in die funksionering van die tempeldiens. 'n Mens sou selfs kon sê, hulle het as't ware die tempeldiens instand gehou.

Die groot vraag bly egter: "As hierdie mense so 'n goeie diens gelewer het om die tempeldiens in stand te hou, waarom jaag Jesus hulle dan uit?" Juis daaroor, omdat hulle die tempeldiens instand gehou het.

Om dit te verstaan sal ons die gereformeerde beginsel van die Skrif verklaar homself hier moet toepas. Hiermee bedoel ons mos dat ons deur middel van kruisverwysings moeilik verstaanbare dele kan verklaar met behulp van makliker gedeeltes.

**As jy nou in die Ou Testament 'n gedeelte moes lees wat ooreenstem of verwys na hierdie uitjaag van die handelaars waar sou jy soek?.................................................................**

Moeilik nè! Weet nie! As ek hieroor preek sê ek graag vir die gemeente as daar iemand is wat weet, kan hy my nuwe motor kry. En dis nie net omdat ek met 'n Ford ry wat ek sulke waaghalsige goed sê nie, maar omdat dit 'n teks is wat niemand ken nie. Altans tot op hede het ek nog niemand gekry wat dit ken nie en my nuwe motorkar is nou al oud.

Voordat ons na hierdie onbekende teks blaai, om hierdie moeilik begrypbare vers 16 makliker te maak, kom ons lees eers weer die hele gedeelte saam. As jy dit saam met 'n groep doen sien B.1. hieronder.

## B. MET JOU GROEP OF ALLEEN.

**1.Laat elkeen in die groep 'n versie of twee lees terwyl die res dit volg.**

**2.Lees nou Sagaria 14:21. Van watter dag word hier gepraat?.................................................**

.................................................................................

**3.Wat gaan op hierdie dag gebeur?....................**

.................................................................................

.................................................................................

**4.Terwyl jy dit in gedagte hou, sê nou wat beteken Jesus se optrede?....................................**

.................................................................................

.................................................................................

Vir ons is hierdie Sagaria teks maar bra onbekend. Om die minste daarvan te sê baie onbekend. Vir die Jode was dit egter baie bekend omdat dit na die Messias se koms verwys het. Jy sou kon sê hulle het dit so goed geken soos wat ons Joh. 3:16 of Joh. 1:12 of Psalm 23 ken.

*Die Jode het die Messiasanse tekste so goed geken soos wat ons die weerkoms tekste ken.*

Anders gestel. So goed as wat ons die gedeelte ken wat sê as Jesus weer kom, dan kom Hy op die wolke, so goed het hulle geweet die dag as die Messias kom, dan sal daar nie meer handelaars in die huis van die Here geduld word nie.

Hoewel ons vandag 'n bietjie sukkel en 'n hele paar verbindings moet maak om hierdie teks te

verstaan, was dit vir hulle soetkoek. Die ken van die Messiaanse tekste sou mens kon sê, was vir hulle tweede natuur.

Hulle het onmiddelik gesnap dat Jesus, met die uitjaag van die handelaars, in terme van Sagaria 14:21, daarop aanspraak maak om die Messias te wees. Hy was met ander woorde besig om Sagaria 14:28 in vervulling te laat gaan.

**Vergelyk 2.3 en sê hoe en hoekom verskil die dissipels se optrede van die ander omstanders s'n.......................................................................**

..........................................................................................

..........................................................................................

Sy dissipels was teenwoordig by die eerste wonderteken, water in wyn, waar Hy Homself die eerste keer as Messias openbaar het en dink daarom onmiddelik in vers 17 aan 'n ander Messiaanse teks: "Die liefde vir u huis verteer my."(Ps 69:10)

Die ander omstanders vra egter vir 'n teken dat Hy die Messias is. Nou hoor ek party mense vra maar as hulle dit dan so goed verstaan het, soos hierbo gesê, waarom vra hulle dan vir 'n teken.

**5. Hoekom dink jy vra hulle vir 'n teken?**

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

Hulle doen dit juis omdat hulle so goed verstaan, maar nie kan of wil glo dat Hy die Messias is nie. Deur te vra vir 'n teken sê hulle eintlik: "Goed, goed ons ken ook die tekste waarop jy sinspeel. Ons weet as die Messias kom sal daar nie meer handelaars in die huis van die Here wees nie. Maar wie is jy altemit om hierdie handelaars uit te jaag. Hoe kan jy jouself so aanmatig om jouself sommer so voor te doen as die Messias. Gee ons ten minste eers 'n teken voordat ons jou as Messias aanvaar."

Die ironie is, sy uitjaag van die handelaars is juis die teken van sy Messiasskap. Dit is juis hoe Hy die profesie van Sagaria 14:21 in vervulling laat gaan. Ons moet egter nie dink ons sou veel anders as die omstanders op getree het nie.

Hoe sal jy reageer as iemand eendag by 'n kerklike byeenkoms instap en sê: "Goeiedag, ek het nou net op die wolke gekom." Sal jy nie ook vir 'n teken of 'n bewys vra nie? Dis nou nadat jy seker gemaak het dat hy nie 'n staatspasiënt is nie?.

Jesus gee daarom maar vir hulle nog 'n teken.

**6. Vergelyk 2.4 in die groepe en verduidelik aan iemand anders in die groep hoe jy hierdie teken verstaan. Skryf gerus jou gedagtes neer.**

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

**7. Vergelyk 2.5 met mekaar.**
Met die lees van vers 21 is dit duidelik dat Jesus met 'afbreek' nie die fisiese kliptempel op oog gehad het nie, maar wel sy kruisiging terwyl Hy met 'oprig' weer na Sy opstanding verwys.

**8.Wat is die implikasies hiervan vir ons verstaan van die kerk en godsdiens?.......................................................**

..........................................................................................

..........................................................................................

Daar is seker weinig gelowiges wat vandag nog die kerkgebou verwar met die kerk. Hier vind ons 'n pragtige manier waarop Johannes juis dit vir ons aandui. Nie die gebou nie, maar Jesus se liggaam is die kerk(tempel).

**9. Hoe pas die twee tekens, tempelreiniging(die uitjaag van die handelaars) en die van die afbreek en opbou van die tempel bymekaar?**

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

Jesus jaag hierdie mense wat die 'tempel' met sy wettiese offers en tiendes in stand hou uit, want as Messias, is Hy die eintlike Tempel. Om dit te bevestig(bewys) gee Hy die tweede teken, "Maak my dood en in drie dae sal ek opstaan."

Die betekenis en onderlinge samehang hiervan word duideliker as ons kyk na die effek wat die tempelreiniging op die tempeldiens gehad het.

*Jesus beëindig die offerdiens want Hy het gekom om Homself te offer.*

Kan jy dink hoe die mense, wat gekom het om te offer, moes gesukkel het nadat die diereverkopers uitgejaag is? Hulle het geen diere om te offer saamgebring nie en daar was ook nie meer iemand wat offerdiere aan hulle kon verkoop nie. Prakties was hulle uitgeboul. Hulle kon nie meer offer nie en dis presies wat Jesus wou hê, want Hy het gekom om Homself vir hulle te offer.

Na Jesus offer is diere-offers glad nie meer nodig nie, want sy offer is eenmalig en finaal. Met sy koms maak Hy dus 'n einde aan die bring van offers. Sulke offers is nou irrelevant, daarom jaag Hy die mense wat dit in standhou uit. So herstel Hy die Tempeldiens tot geloof alleen, in Hom wat Homself as Paaslam kom offer het.

Dieselfde geld vir die geldwisselaars. Met hulle uit die weg geruim kom die gee van tiendes tot 'n einde, want daar is niemand wat die Romeinse geld kon wissel vir Joodse geld sodat die Jode hulle tiendes in die skatkis kon gooi nie.

*Jesus se optrede het nie hulle handeldrywery op oog nie, maar die tempeldiens as sodanig.*

Weereens is dit juis waarom Jesus hulle tafels omgegooi het, om die gee van tiendes te stop. Met sy koms raak die gee van tiendes onnodig, want aan die kruis gaan hy alles gee, tien tiendes. Tiendes is nou nes offers, nie meer 'n wettiese iets wat nodig is vir redding nie, Jesus doen alles wat nodig is.

Jesus jaag dus hierdie mense uit, nie oor hulle handel gedryf het nie, maar omdat hulle die tempeldiens met sy wettiese offers en tiendes in stand gehou het. Sy optrede is dus primêr 'n aanval op die tempeldiens as sodanig.

*Die offers en tiendes is nou nie meer moontlik nie. Dis ook nie meer nodig nie.*

Meer nog, dis die einde daarvan. Die tempeldiens, met sy offers en tiendes, is nou nie meer moontlik nie, want die diereverkopers en geldwisselaars is weg. Dis ook nie meer nodig nie, want Jesus gaan sterf om in drie dae weer op te staan. Sy volmaakte Offer en sy volkome betaling is 'n volkome en volmaakte genoegdoening voor God vir die hele wêreld.

Ja, Jesus reinig die tempel deur 'n einde te maak aan wettiese offers en tiendes. Hy maak 'n einde daaraan deur Homself te offer en stel geloof in die Messias, in die plek daarvan. Hy

*Ons word opgeroep om te glo in Hom as die Messias, die Tempel, wat godsdiens (tempeldiens) weer Godsdiens, Messiasdiens kom maak het.*

kan dit doen want die redding lê in Hom alleen. Hy, Jesus, die Messias, is die ware Tempel. So reinig(herstel) Hy Homself as die ware, die eintlike Tempel.

**10. Wat hou dit alles vir ons in? Probeer baie prakties wees.................................................**

..............................................................................

..............................................................................

Soos die dissipels wat in Hom geglo het, word ons ook opgeroep om te glo in Hom as die Messias wat die Tempel, Homself, sy liggaam laat afbreek het en na drie dae weer opgestaan het. As ons dit glo naamlik, dat Hy die Messias is, die ware Tempel self, wat godsdiens (tempeldiens) weer Godsdiens, Messiasdiens kom maak het, as ons dit glo dan is ons deel van daardie Tempel, van sy liggaam, die kerk.

As deel van sy Tempel word ons dan ook opgeroep om te leef soos mense wat deel is van sy Tempel. Dit beteken ons hoef nou nie meer allerlei wette, allerlei moets en moenies na te kom nie. Ja, ons hoef nie meer soos Ou Testamentiese priesters te gaan offer vir ons sondes nie. Nee, as Nuwe Testamentiese gelowiges kan ons onsself nou soos lewende, heilige, welgevallige offers daagliks aan sy diens toewy.

*Ek kom tot bekering nie SODAT..... nie, maar OMDAT....*

Klink dit maar na dieselfde, offer is offer? Nie maklik nie. 'n Baie belangrike verskil is dat ek dit nie doen SODAT daar versoening bewerk kan word vir my sonde nie, maar dat ek dit nou doen OMDAT Jesus met sy Offer vir my versoening bewerk het. Ek gee nie my hart vir die Here, ek kom nie tot bekering SODAT ek gered kan word nie. Ek kom tot bekering, ek gee my lewe vir God OMDAT sy Seun vir my geoffer is.

Eweneens behoort die gee van 'n tiende as wettiese voorskrif nou tot die verlede. Jesus het alles gegee wat ons nodig het. Tien tiendes. Niemand kan dit betwis nie, om te voldoen aan die wet is die gee van 'n tiende nie meer 'n vereiste nie. Ons kan nou 2 tiendes gee uit dankbaarheid, want Jesus het dit tienvoudig namens ons betaal. Dis vervul.

Samevattend kan ons sê, ons kerkwees (redding) is in Christus alleen ge-anker. Ja, in sy Offer alleen, in sy betaling alleen.

Tweedens dat Godsdiens(tempeldiens) nie uit allerlei wettiese moets en moenies bestaan nie, maar dat dit beteken om in Jesus as die Messias te glo.

Derdens dat ons deur die geloof alleen, by Hom as Messias ingelyf word, by sy liggaam wat afgebreek is en na drie dae weer opgerig is.

## C. SLUIT AF MET GEBED

Jesus, Messias, U het u liggaam laat afbreek vir ons om so die ware Tempeldiens, aan u as God, moontlik te maak. ..........................................

.........................................................................

........................................................................ AMEN.

Danie O'Reilly.
Ned. Geref. Kerk Benoni-Oos.

# " 'N UITNODIGING

## OM JESUS AAN TE NEEM EN JOU HART VIR HOM TE GEE"

Die meeste van ons was al by 'n Evangelisasie-reeks waar predikers na 'n dramatiese "bekeringspreek" 'n uitnodiging rig aan sy hoorders om op te staan - soms na vore te gaan - sodat hulle Jesus kan aanneem en hulle harte vir Hom kan gee.

Hierdie praktyke wek gemengde reaksie by kerkgangers. Sommige lidmate lewe vir sulke geleenthede - hulle staan elke keer op, en neem telkens weer en weer en weer die Here Jesus aan as verlosser.

'n Ander groep word met twyfel oorval omdat hulle nog nie kon opstaan en vorentoe stap nie. Hulle redeneer dan soms dat hulle nie kinders van God is nie en ook nie hulleself aan Hom kan oorgee nie, dalk omdat hulle nie uitverkies is nie.

'n Derde groep raak opstandig. Hulle voel dat die Here nie op hierdie wyse werk nie. Dat dit nie die korrekte manier is om die Evangelie te bedien nie. Hulle sê gewoonlik dat dit 'n goedkoop manier is om mense "in 'n blik te druk". Hulle word met weersin gevul en wil nie hierdie tipe eredienste bywoon nie.

Predikante het ook uiteenlopende gevoelens ten opsigte van hierdie praktyk. Hulle kan ook in drie groepe gekategoriseer word. Die eerste groep is die wat baie positief voel hieroor. Die tweede groep voel dat dit wel 'n plek in die kerk het en dat dit sinvol en op 'n mooi manier gebruik kan word om mense tot geloofsekerheid(met alles wat dit kan beteken) te lei.

'n Laaste groep is van mening dat dit geen plek het in 'n gemeente van verbondsmense wat Sondag na Sondag hulle geloof in Jesus bely nie.

In meeste gevalle is ons oortuigings gebaseer

op persoonlike ervaring, subjektiewe belewenis en/of ondervinding in die praktyk. 'n Deeglike besinning sal dalk ons standpunte verander.

Voorstanders van uitdnodigingsdienste motiveer gewoonlik hulle praktyke met een of meer van die volgende redenasies :

*Dit gee afgedwaalde / ongelowige mense geleentheid om voor getuies 'n oorgawe aan Christus te maak en Hom aan te neem as persoonlike verlosser.*

*Jesus het telkens sy hoorders opgeroep tot navolging.*

*Die publieke aard van die handeling gee krag, sekerheid en finaliteit aan die bekeerling se keuse vir Christus.*

*Dit versterk die boodskap se effek op huiwerige twyfelaars om ook op te staan en dit is dan vir hierdie mense makliker om te reageer.*

*Matt. 10 : 33 "Elkeen wat Hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor My Vader wat in die Hemel is."*

Voordat ons hierdie argumente hanteer, kyk ons eers na hoe Paulus sy bediening van die Evangelie van versoening verstaan.

Ons lees die volgende uit Paulus se pen:1 Kor. 2: 1 - 5. "1. Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimenisvolle waarheid van God aan julle te verkondig het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. 2. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus en wel oor Hom as die gekruisigde. 3. Bewus van my swakheid en met groot angs en huiwering het ek na julle toe gekom. Die boodskap wat ek verkondig het julle oortuig nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie maar op die krag van God."

Dit is baie duidelik dat hierdie gedeelte ons leer dat die glo van die Evangelie nie deur menslike metodes, bekwaamhede of truuks bewerk kan word nie. Mense word oortuig van die Evangelie deur die verkondiging daarvan en die kragtige werking van die Heilige Gees.

Die ware geloof word deur God in ons gewerk en nie deur menslike welsprekendheid en tegnieke nie. Paulus sê juis dat hy nie met menslike metodes en bekwaamhede wil werk nie, sê hy, ons geloof mag nie op menslike dinge gegrond wees nie, maar op die krag van God.(2 Kor.4:13; en Hand.16:14).

*Hierdie praktyk bring mee dat mense vir hul geloof en sekerheid van redding op eie dade steun.* **"Ek het vorentoe gestap ....".**

Bekyk ons nou weer die argumente vir hierdie uitnodigingspraktyk sien ons dat al hierdie motiverings, met uitsondering van Matt.10:32 in twee kategorieë verdeel kan word.

Eerstens die argumente wat aantoon dat 'n handeling of daad finaliteit en sekerheid in die bekeerling se geloofslewe bewerk. Dit is 'n ernstige probleem. Dit bring mee dat sy geloof en sy sekerheid van redding op eie dade steun. **"Ek het vorentoe gestap ....", "Ek het my hand opgesteek ....", "Ek het opgestaan ....", "Ek is seker van my verlossing want ék het ....".**

Dit mag nooit!! Hoekom nie? "Want hierdie redding kom nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God. Daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie"(Ef.2:8).

Die tweede kategorie argumente wil aantoon dat hierdie praktyk die appél op onseker lidmate verhoog om tot finaliteit en sekerheid in hulle geloofslewe te kom. Dit is 'n ewe ernstige probleem. Menslike metodes en tegnieke is nie - volgens die Skrif - die krag waardeur mense tot geloof in Christus gelei word nie. Dit is juis wat nie mag gebeur nie.

*Dit lyk soms of hulle vir God wil help of dalk by Hom wil oorneem ten einde mense tot bekering te dwing.*

Mense en predikers wat hierdie metodes

gebruik beleef dalk 'n persoonlike geloofskrisis deurdat hulle nie meer - soos Paulus - daarvan oortuig is dat die Evangelieboodskap en die kragtige werking van God deur Sy Gees sterk genoeg is om sondaar mense tot geloof in die Here Jesus te bring nie. Dit voel soms of hulle vir God wil help of dalk by Hom wil oorneem ten einde mense tot bekering te dwing.

Indien ons Mt. 10:32 noukeurig lees is dit opmerklik hoedat hierdie gedeelte 'n integrale deel vorm van die groter geheel wat strek vanaf 10:1 tot 11:30. Hierdie gedeelte handel oor dissipelskap, navolging en gehoorsaamheid aan die opdrag om getuies vir Christus te wees.

Dit kan soos volg ingedeel word: Mt.10:1-15, Jesus se opdrag. Mt.10:16-25, Jesus waarsku teen vervolging. Mt.10:26-33, Jesus vertroos Sy dissipels deur hulle te verseker dat hulle nie moet bang wees nie maar selfs ten spyte van weerstand en vervolging openlik voor hierdie vyandige mense Sy getuies moet wees.

*Mt. 10 wil sê, elke getuie van Christus kan lewe uit die sekerheid dat hy in Christus 'n voorspraak by God het. Dit is - soos deur die vertalers aangedui - 'n aansporing vir gelowiges om Christus te bely.*

Elke getuie van Christus kan lewe uit die sekerheid dat hy in Christus 'n voorspraak by God het. Dus moet ons sê dat hierdie gedeelte nie gebruik kan word om praktyke van geforseerde bekeringshandelinge te regverdig nie. Dit is wel - soos deur die vertalers aangedui - 'n aansporing vir gelowiges om Christus te bely.

Die belangrikste beswaar teen hierdie uitnodings is ons kerk se liturgie. Ons hele liturgie as tweegesprek van Woord en antwoord tussen ons en God is 'n oproep(uitnodiging) tot geloof in en oorgawe aan Christus. Wanneer ons die wet van die Here lees moet ons glo dat die Woord en die kragtige werking van die Heilige Gees die gemeente sal oortuig van sonde.

Wanneer ons daarop antwoord deur met 'n lied ons skuld te bely hoor, ons die groot uitnodiging, "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word!" (Hand.16:31). Nadat elkeen dan opgestaan het om sy geloof te bely in die taal van die die 12 artikels kan ons gaan sit en wéét, ons sondes ís vergewe. Jesus hét ons met God versoen. Ons ís kinders van Ons Vader, die Almagtige God, Skepper van hemel en aarde!

Waar hierdie elemente in die erediens verwaarloos word of die inhoud daarvan afgewater word ontstaan die behoefte en oortuiging dat mense meer moet doen om gered te word. Nog "iets" ekstra, aanvullend tot die afgehandelde en genoegsaamheid van Christus se versoening van ons sondes word gesoek.

Dit gebeur veral wanneer predikers nie meer die Evangelie van Christus alleen deur die geloof alleen verkondig nie. Dit laat lidmate in vertwyfeling kom en tot die oortuiging dat mense wat glo ook nog vir Jesus in hulle harte moet innooi, of ook nog hulle harte vir Jesus moet gee, of ook nog daardie groot stap in hulle lewens moet neem om Jesus aan te neem. Op hierdie wyse word daar - soms met baie goeie bedoelings - 'n gevaarlike sektariese mens-godsdiens en verdienste evangelie die kerk ingesmokkel onder die dekmantel van evangelisasie.

Dit terwyl die gereformeerde erediens elke Sondag 'n Evangelisasiediens by uitnemendheid is. Telkens 'n "uitnodigingsdiens", telkens 'n bekeringsdiens - uit dank vir ons verlossing.

Laat ons in elke erediens op 'n lewende wyse die vraag wat mense in die woorde van Joh.6:28 vra telkens antwoord met Jesus se antwoord in Joh. 6 : 29. Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?" En Jesus antwoord hulle : "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het."

Pieter de Villiers.
Ned. Geref. Kerk Witfield-Wes.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

Geagte Redakteur

# DS. DE VILLIERS VERSTAAN MY NIE

Ek reageer graag op die artikel van ds. Pieter de Villiers in VDM van Februarie 1992 waarin hy hewige kritiek uitoefen op die vorm van meditasie wat ek bepleit en wat onder andere in die Bybelkor publikasie "Naby Jesus" (1991) verskyn het. (Die teologiese artikel waarin ek probeer bewys het dat gereformeerde Skrifmeditasie 'n moontlikheid is en ook 'n bestaande werklikheid, het verskyn in my artikel in "Koninkryk, kerk en kosmos, bundel vir WD Jonker, 1989, 62-63 en daarna het my boekie, "Stem in die Stilte", in 1990 by NGK-boekhandel verkyn.)

Die basiese intensie wat ds. de Villiers het is ook myne, naamlik om die prioriteit van die genade en die inisiatief van God te handhaaf teenoor enigiets wat dit mag bedreig. Ek vind dat ek dit al sterker wil beklemtoon soos my jare vorder. Ek kon nou al in gesprek ook wees met ds. de Villiers, en dit het vir my duidelik geword dat daar 'n verreikende teologiese konsensus tussen ons is.

Hoe kom dit dan dat hy die vorm van gereformeerde Skrifmeditasie wat ek bepleit so afstootlik vind, iets waarvoor hy "gril"? Dit kom omdat hy my op die kardinale punte verkeerd verstaan.

Hy aanvaar sommer dat meditasie altyd iets met Oosterse, heidense wortels is, terwyl ek in my boeke verduidelik dat Christelike meditasie wesenlik die teenoorgestelde van Oosterse meditasie is. By baie mense word hierdie misverstand geskep deur die woord meditasie. Ons sal moet leer om te besef dat die kerk die woord eerste gehad het, naamlik van diep in die Middeleeue af en dat Christelike meditasie nie verwar moet word met die Oosterse meditasie wat in die laaste tyd in die Weste bekend geword het nie (TM ingesluit). Soos ek aangedui het, gebruik Calvyn sowel as verskeie van ons groot gereformeerde vaders die woord vir bepeinsing oor die Skriftuur en die natuur. Dit is doodeenvoudig 'n woord wat vandag in verskillende betekenisse gebruik word.

Ds. de Villiers beweer my meditasie mik na 'n mistieke eenwording met God. In my boeke draai die hart van my betoog daarom dat Christelike meditasie wesenlik die teenoorgestelde is, naamlik die oopstelling vir die verhouding met God.

Ds. de Villiers beweer meditasie is altyd selfverlossing - ek wat my met inspanning en metodes na God opwerk. Dis die omgekeerde van die waarheid as dit oor egte Christelike meditasie gaan. Jy raak juis stil om te wag op die werking van die Woord en die Gees. Hier is die konsentrasie op die inisiatief van God baie sterk.

Ds. de Villiers beweer dat my meditasie emosioneel is en die kognitiewe uitskakel. Christelike meditasie is juis nie emosioneel nie. Daar word nie soos dikwels in die charismatiese beweging emosies opgejaag nie, maar stilte gesoek om die teenwoordigheid en Woord van die Here baie eg en eerlik te beleef. Die kognitiewe word nie uitgeskakel nie, maar as basis aanvaar vir die intuïtiewe.

Ds. de Villiers suggereer dat meditasie 'n spiritistiese element bevat van oopstelling vir bose geeste. Dis 'n totale misverstand. Bose magte is oral werksaam, en kan ook in 'n mens se stiltetyd kwaad doen - daarteen waarsku ek, en dit veroorsaak die misverstand - maar die kans dat hulle jou mislei is tog sekerlik op sy kleinste wanneer jy stil raak voor God.

Ds. de Villiers sê ek mislei mense as ek meditasie in die Bybel probeer begrond. Dis nie so nie. Meditasie is 'n poging om met die hele hart, siel en verstand met die Bybel gemeenskap te hou, en daarvan vind 'n mens - soos ek in my boeke aangedui het - baie in die Skrif. Die spesifieke metodes wat vandag help om dit te bevorder, staan nie in die Bybel nie, maar dit moet vergelyk word met die feit dat die Bybel nie van die orrel of van kerkargitektuur praat nie.

Ds. de Villiers is baie beswaard dat ek van metodes gebruik maak. Hy sê dat God se inisiatief so oorheersend is dat ons geen metodes nodig het nie. Dis tog nie waar nie. Ons gebruik altyd metodes om ons vir God oop te stel, bv. lees, kniel, staan en sing, begeleiding by sang, preek, bymekaarkom, ens. Die vraag is nie of ons metodes gebruik nie, maar of ons metodes dienstig is aan die evangelie.

Genoeg om aan te toon dat ds. de Villiers my nie verstaan nie. Die keurkomitee van

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

Bybelkor wat my boekie deeglik en versigtig oorweeg het, het my wel verstaan, asook die Konferensie van studenteleraars van die NGK wat aanbeveel het dat Bybelkor sulke boekies uitgee. Nêrens in ons kerk waar ek mense kon lei om Skrifmeditasie te doen het ek al besware teengekom nie, want in die praktyk gaan dit om iets wat baie eenvoudig is. Ons ken dit eintlik almal, want ons wil ons almal graag volledig vir die Skrif oopstel. Meditasie beteken dat jy jou doelbewus en gedissiplineerd daarop toelê.

Ek weet van baie gelowiges, waarvan ek self een is, vir wie Skrifmeditasie al geweldig baie beteken het. Dit het hulle gehelp om in eenvoud na die basiese dinge terug te keer. Moenie dat ons die werk van die Gees in hierdie opsig hinder nie.

Dr. Willem Nicol
Ned. Geref. Kerk Universiteitsoord.

## Wet vs Evangelie.

*Geagte Redakteur,*

*Die Skerp lig van selfondersoek wat VDM as blad van die Ned. Geref. Kerk op die Kerk rig is baie bemoedigend. Dit wat as waar en reg bewys is, kan dan beklemtoon word en dit wat as dwalinge of verkeerde klemplasings uitgewys word, kan nou reggestel word.*

*Verre dit van my, as leek in die teologie om dwalinge van die kerk uit te wys. Laat my egetr toe om, uit eie ervaring, te wys op verkeerde klemplasing. Tot my skande en skaamte moet ek erken dat ek reeds redelik gevorderde jare bereik het voordat ek, ten spyte van gereelde"boekevat", bewus geraak het van die klem wat deur 'n hele klompie jare heen deur baie van ons leraars verkeerd geplaas is. Terwyl ek dit sê, bedoel ek hoegenaamd nie om te veroordeel nie. Miskien was hulle, net soos ek, ook so "gebreinspoel" dat 'n groot maar eenvoudige waarheid net nie behoorlik raakgesien is nie - miskien juis omdat dit so eenvoudig is. Tot my verdere skande en skaamte het die lig eers vir my opgegaan toe ons plaaslike leraar die klem reg geplaas het.*

*Sien, ek verwys na Wet(berou, belydenis, bekering) en Evangelie(Christus se volkome versoeningswerk). Wat vir my so duidelik uitstaan van die eredienste gedurende my kinder-, jeug- en ook nie meer so jeugjare nie is die volledige voorlees van die 10 gebooie uit Exodus 20, sekerlik nie verkeerd nie, en die beklemtoning van berou oor sondes en sondebelydenis as voorvereiste vir bekering en die, vir my op hierdie stadium van my lewe, ontstellende onderbeklemtoning van die Evangelie. Dit het gelei tot tot my sielswroegende, uiters traumatiese "bekering" as jongman terwyl ek, ek is vandag daarvan vas oortuig op daardie stadium reeds lankal deur die groot genade van Jesus Christus verlos was.*

*Ek dank God Drie-enig dat my kinders, almal vandag volwasse, Sy verloste kinders is ten spyte van my volhardende vaderlike pogings om hulle langs die, vir my toe die enigste bekende weg, tot saligheid te lei.*

*Dit is vir my vandag vreemd dat die duidelike uitsprake in die Bybel dat onderhouding van die Wet nie kan lei tot redding nie, so genegeer is. Verwys Fil. 3:9; Hand. 13:38,39; Rom. 5:1; Gal. 3:24 en Gal. 2:16 e.v. om maar enkele verse te noem. Dan byna die samevatting van alle uitsprake in die verband - Rom. 10:4.*

*Miskien, soos vroeër genoem, is redding te eenvoudig. Al asof die sondaar nie kan glo dat God se genade so onpeilbaar groot kan wees nie. Die volgende paar verse is slegs maar enkeles, wat dui op geloof en eenwording met Jesus Christus in sy totale verlossingswerk, wat soos 'n goue draad dwarsdeur Sy Woord gevleg is: Heb. 10:38, 39; Rom. 6:1-11; Rom. 7:4a; die volgende verse in Johannes: 3:15b en 16; 5:24; 1:25,26; 20:31; Hand. 10:43; Rom. 9:39; 1 Joh. 5:1; ens. ens.*

*Terwyl dit dan slegs geloof in Jesus Christus as Verlosser wat kan red, is ek daarvan seker dat die sondaar darem nie maar net agteroor kan sit en wag dat geloof as gawe een of ander tyd na sy kant toe sal kom nie. 'n Sekere "teenprestasie" van sy kant af word sekerlik ook verwag, nl. kennis van die Evangelie en aanvaarding dat Christus ook vir hom, die sondaar, gesterf, ter helle neergedaal en opgestaan het.*

*Baie dankie dat u geduldig na my geluister het.*

*Lidmaat,*
*Ned. Geref. Kerk Levubu.*

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# (voor) WAARDE VAN GELOOF?

Geagte Redakteur,

Baie dankie vir die inisiatief wat julle geneem het om VDM aan die gang te kry. Mag dit 'n lang lewe hê en 'n groot sukses wees. Dankie ook vir die kwaliteit van die leestof. Dankie ook in die besonder vir Hennie van Schalkwyk se artikel, *Wat is fout ons kerk?* van Februarie. Hy neem die woorde uit my mond uit.

As ek mag, wil ek graag op Abraham se artikel VERBONDSVRANTWOORDELIKHEID (Februrie p. 9) reageer. Hy wil keer dat geloof nie 'n voorwaardelik karakter kry nie, en pleit daarom dat ons die AS by die appél tot geloofsgehoorsaanheid moet uithaal. Die probleem is net dat die AS implisiet en selfs eksplisiet 'n deel van die evangeliese appél van die Woord is, (vgl Rom. 10:9). Dit is ook eksplisiet deel van die Verbondsteologie van sowel die Ou as Nuwe Testament, (vgl. Deut. 6:3, 12:28, 15:4, ens). Tewens God se seën het telkens 'n voorwaardelike karakter (vgl. Jes. 30:15, 30:19b en 32:17). Wie dit ontken, ken doodgewoon nie sy Bybel nie, of lees dit deur 'n baie bevooroordeelde bril.

Ek dink die probleem is dat ons nie genoeg oog het vir die onverdienstelike karakter van geloof nie. Ons is miskien al te geneig om die werkwoordelike karakter van geloof te wil wegredeneer, omdat ons enige *doen* van die mens sien as 'n verdienstelike handeling. Die probleem is dat ons dan van geloof op so 'n manier 'n gawe maak, dat dit met menslike handeling later niks meer te make het nie: geloof word dan die niks doen van 'n dooie. En die konsekwensie is dat ons dan later met 'n meganiese verbondsopvatting kan eindig, waar geloof doodgewoon geen plek of funksie meer het nie. Alle verbondskinders is dan *outomaties* ook kinders van God, of hulle nou glo of nie. Die vraag wat dan onbeantwoord bly, is: wat van die verbondskinders wat deur leer en lewe wys dat hulle ver van God af is?

Ek het half die vermoede dat as ons die onverdienstelike karakter van geloof beter begryp, ons ook minder probleme sal hê dat die Skrif dikwels 'n voorwaardelike funksie daaraan gee. Die beste illustrasie hiervan is Ps 40: 1-3. Die man het in 'n put geval(letterlik of figuurlik is nie ter sake nie). Hy weet hy kan homself nie red nie; daar is nie 'n ander manier om self uit daardie put te kom nie. Hy sal, sonder hulp van Iewers Anders, omkom. Daarom roep hy om hulp na Bo. Hy weet(kennis) van Bo alleen kan hy van die dood gered word. Hy vertrou op God alleen om hom te red, daarom sy hulpgeroep. Sy hulpgeroep is dus 'n *erkenning* van eie onvermoë, en 'n vertroue op hulp van Elders. Dis nooit die *grond* van sy uiteindelike verlossing nie, maar hy moes tog roep, en in die sin wel *voorwaarde*(Rom. 10:9) vir sy redding.

God wil hê ons moet ons eie onvermoë erken en juis op Sy Alvermoë steun. Dis die karakter van geloof. Maar juis omdat dit die karakter van geloof is, kan my geloof nooit die grond van my verlossing wees nie, al is dit ook 'n "handeling" wat God van 'n mens eis.

Daarmee kom die geloof as gawe van God geensins in gedrang nie. God gee die geloof deur die hoor van die Woord.

Maar ek is oop vir oortuiging. As ek verkeerd is, oortuig my asseblief.

Johan Kriel.
Ned. Geref. Kerk Welkom-Wes.

*Ek wil nie eers probeer nie, want hierdie saak verg baie meer besinning. Ek glo deel van die oplossing is beslis opgesluit in jou baie mooi uiteensetting oor die onverdienstelikheid van geloof. Ons moet onsself ook net afvra of daar in die term voorwaarde nie 'n klank van verdienstelikheid opgesluit is nie.*

*Ter verdediging van ou Abraham kan ek sê, ek dink hy het dit daarteen, nl. die verdienstelikheid wat opgesluit is in die as, as voorwaarde. Ek dink nie hy ontken dat geloof 'n eis is nie.*

*Maar terwyl ons saam hieroor besin, geniet hierdie uitgawe van VDM. Lees veral Annes Nel se artikel oor die Woord as heilsmiddel. Die hele saak van voorwaardelikheid kom daarin ook baie mooi aan die orde.*
*(Red.)*

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Februarie 1992

# DIE MAG VAN DIE SATAN

## IN DIE LEWE VAN 'N GELOWIGE IS HEELTEMAL VERNIETIG EN OORWIN.

**1. Die Tien Gebooie is die mag van die sonde en nie die Satan nie.**

Die werklike mag van die sonde op ons lewe is die Tien gebooie en nie die Satan nie. Die wet is die mag wat ons as slawe aan die sonde vasbind. In die Bybel word die mag van die sonde beskryf in 1 Kor. 15:56:"Die angel van die dood is die sonde, *en die sonde kry sy krag uit die wet uit.*" Die wet waarvan Paulus hier praat is die Tien gebooie.

Die Tien gebooie self is nie iets sondig of verkeerd nie. Paulus sê in Romeine 7:7 "Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie." en in vers 12: "Die wet is dus heilig en reg en goed."

Die Tien gebooie is die mag wat ons dood maak vir God en lewend maak vir die sonde omdat die wet ons veroordeel en skuldig maak teenoor God. Rom.7:8 "Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrap plek gekry en elke soort sonde in my aan die gang gesit... voorheen, toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe, en ek het gesterwe."

**2. Die Tien gebooie maak God 'n vyand vir sondaars, nie die Satan nie.**

Die mag van die sonde lê daarin dat dit God ons vyand maak. As ons die Tien gebooie oortree, wie wil ons straf? Wie wil ons die ewige dood laat sterf? Wie wil ons vervloek en verwerp? Dis niemand anders as God die Skepper self nie. As God ons vyand is en word omdat ons sy wet oortree, wie kan ons teen Hom help? Net mooi niks en niemand nie.

Dit is wat die Bybel bedoel met die mag van die sonde is die wet. Die sonde maak dat God ons straf as ons sy wet oortree en so word sy wet iets wat vir ons van God vervreem deur die sonde wat ons gedoen het.(Rom7:13-15). Dit is dus nie die Satan wat maak dat God ons vyand word nie. Dit is die wet. Die wet vereis die straf. God voltrek sy wet oor almal wat dit oortree.

**3. Satan is net 'n gewone Engel wat sonde gedoen het.**

Die persoon wat ons in die Bybel leer ken as die Satan, die Duiwel of Beëlsebul is net nog een van al die engele wat die Here gemaak het. Hy is nie groter, sterker of magtiger as ander engele nie. Al verskil is dat hy nie meer God wou dien nie en teen God in opstand gekom het. Maar die opstand van die Satan kan nie sy aard en natuur as engel verander nie. Net soos die mens niks anders en groter kan wees as 'n gewone mens deur sy sonde nie, net so met die Duiwel. Hy is en sal altyd net 'n gewone engel bly.

**4. Satan is en bly altyd net 'n werktuig in God se wil.**

Engele is deur God as werktuie van sy wil gemaak, Satan ook. Teenoor God kan hy niks anders wees nie. God is ewig, almagtig, alomteenwoordig, alwys en die oorsprong van alle goedheid. Die Satan is net daar vandat God hom gemaak het. Hy bly net aan die lewe omdat God hom laat lewe. Hy is nie alomteenwoordig nie, hy kan net op een plek op 'n bepaalde oomblik in die skepping wees. Hy is nie almagtig nie, hy kan net doen wat God hom toelaat en daarvoor moet hy ook eers toestemming kry.(Job 1:12). Hy kan ook niks wat God wil doen en bewerk verander, teëgaan of verhinder nie. Satan doen hom voor as God se teenstander maar hy is en bly altyd maar net 'n werktuig in God se hande.

**5. Die Satan is nie die oorsprong of die bewerker van die mens se sonde nie.**

God het die mens goed gemaak, volgens sy beeld. God het die mens geskape met die doel om sy skepping te bewoon en te bewerk volgens sy wil. God het die mens ook met die vryheid geskape om Hom te dien uit eie oortuiging en volgens sy eie besluit.

Die moontlikheid om sonde te kan doen is deur God self geskep vir die mens, maar ook uitdruklik verbied. Die boom van alle kennis (om soos God te wil wees) in Gen 2:16 en 17 is nie deur die Duiwel daar gestel nie, maar deur God self.

God het die Satan nie 'n mag of vermoë gegee waardeur hy die mens iets teen sy wil en wete kon laat doen nie. Wat die mens doen, doen hy uit oortuiging. So het God die mens geskape en Satan kan die mens nie anders laat wees nie. Die mens het vir sonde gekies en doen vandag sonde omdat hy dit self wil en dit goed vind. Die Satan kan die mens nooit sonde teen sy wil in laat doen deur een of ander magiese krag wat hy sou hê nie.

**6. Die Satan is 'n bondgenoot vir 'n mens wat graag sonde wil doen en in sonde wil leef uit eie oortuiging.**

In Gen. 3:4 waar die slang met Eva praat,word die bondgenootskap van die sondaar en die Satan teen God uitgebeeld. Die mens kyk na dit wat God verbied het en begeer om dit te doen Hy wil self die sonde doen.

Satan kan vir so 'n mens 'n diens lewer. Hy hou God as die mens se vyand voor: God verbied ons die sonde omdat Hy ons vryheid wil inperk en bedreig voel deur ons wat net soos Hy sou kan wees. Die Satan hou God ook as 'n leuenaar voor. Die mens wat sonde wil doen en besluit het om dit te doen, besluit ook om Satan te glo. Op grond van hierdie geloof kan die sondaar die sonde nou doen ter wille van vryheid en waarheid.

Die mens en Satan gebruik mekaar as bondgenote. Hulle lewer aan mekaar 'n diens. Die een hou God voor as vals en die ander glo die valsheid(al weet hy dit is nie so nie). So het die mens altyd 'n rede teen God vir sy sonde en het die Satan altyd iemand wat hom eerder glo as vir God. Hier is geen magte wat die mens of Satan dwing nie. Hulle kies vir mekaar.

**7.Die werklike mag van die Satan: aanklaer by God.**

In Open. 12:10 word die Satan so beskryf: "Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die Hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor God aangekla het."

Satan het geen eie mag teen God nie. God se mag oor die sondaar is sy wet en sy geregtigheid volgens sy wet. Deur die mens by God aan te kla, beroep Satan hom op die mag van God teen die mens. Dis soos 'n klein boetie wat 'n mag oor sy ouer broer wil hê. Hyself is te klein en kan niks doen om sy ouer broer te forseer nie. Maar, as kleinboet vir ouboet sien kwaad doen teen sy pa se wil, dan het kleinboet vir ouboet in sy mag. Hy kan vir pa gaan vertel en dan is ouboet by pa in die moelikheid. Die Satan se enigste mag is om ons by God aan te kla en God ons vyand te maak.

As ons bang en verbitterd is teenoor God omdat ons weet Hy gaan ons sonde straf - dan glo ons die Satan dat God dit nie met ons goed bedoel nie. Deur ons altyd by God aan te kla sorg Satan dat ons uit ons vrees en bitterheid teenoor God se regverdige oordeel, hom eerder glo as om God te glo.

**8.Christus het die Satan se enigste mag oor die kerk heeltemaal verbreek en hulle heeltemal van die mag van sonde vrygemaak.**

Die enigste mag van die Satan oor die sondaar is die mag van die wet. Deur die mens volgens die wet aan te kla, maak hy ons skaam en vyandig gesind teenoor God. Deur die handhawing van sy geregtigheid volgens die wet word God ons regter.

Daarom kom die Evangelie en maak 'n einde aan hierdie mag. Rom. 10:4 stel dit so:"Christus is tog die einde van die wet sodat elkeen wat

glo, vrygespreek kan word." Vgl. ook Romeine 8:31: "Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."

Deurdat Jesus in ons plek onder die wet gaan staan het en die straf op elke sonde gedra het, kan Hy self as God by die Vader nou vir ons instaan en pleit. Hy maak dat God ons nie meer volgens die wet oordeel nie, maar as kinders aanvaar. Ons sal nooit weer onder die oordeel van die wet kom nie. Rom.8:1 en 2: "Daar is nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood."

Jesus het die wet se straf en sy eis tot aanvaarbaarheid by God, totaal beëindig en afgeskaf. Jesus het self in ons plek onder die wet gaan staan sodat ons nie meer onder die eis van die wet staan om deur God aangeneem te word nie. Gal.4:4: "Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word."

Omdat Jesus vir ons, net omdat ons glo in Hom, instaan en pleit in die hemel, kan die Satan ons nooit weer aankla by God nie. Hierdie mag is totaal en finaal vernietig. In Openbaring 12 word Jesus se hemelvaart na die troon van God om vir ons in te tree beskryf as die daad wat Satan heeltemaal uit die hemel gewerp het.

Elkeen wat Jesus vertrou as Here is heeltemaal vry van die mag van die sonde en Satan. Nooit kan hy ons ooit weer aankla of God ons vyand laat wees nie. God is nou vir ons. Hoe kan die duiwel nog enige mag hê oor iemand vir wie God onderneem het om goed te wees? Ons sondes teen die wet kan nie ons weer van God vervreem nie. Jesus staan daarvoor in. Wie se sondes deur sy geloof in Jesus vergewe is, het die Bose oorwin (1 Joh. 2:12-17).

**9. Die Satan is die Antichris EN Engel van die lig.**

Die Satan word in die Nuwe Testament beskryf as die Antichris. Hy probeer Jesus keer om onder die wet te gaan staan in die plek van sondaars. Nadat Jesus met sy doop in ons plek gaan staan het, probeer hy Jesus van die werk wegkry(Matt.3:13-4:11). Aan die kruis gebruik hy die skare om Jesus van die kruis te probeer afkry(Matt.27:32-44).

Dit is ook verstaanbaar. Jesus se lyding en sterwe onder die wet is die enigste mag wat die mens vry maak van die mag van die wet. Satan se mag is die mag van die wet. Hy is daarom in alles wat hy is, en doen in reaksie teen die werk wat die mag van die wet in 'n mens se lewe beëindig - Jesus.(Rom. 10:4).

Om sy mag te handhaaf oor sondaars moet die Satan die mens weer onder die oordeel van die wet kry en hou. Hy kan niks meer daaraan doen dat Jesus vir sondaars wat die wet oortree, in die hemel intree en pleit nie. Dit verander sy rol op die aarde (2 Kor. 11: 14,15).

Hy is die een wat die mens redes gee om die wet te oortree. Maar om nou die mag van sonde op die aarde te handhaaf teenoor Jesus wat in die hemel intree en pleit, moet hy nou aan die eenkant redes gee om die wet te mag oortree, maar dadelik weer presies net die teenoorgestelde doen. Hy moet die mens oortuig dat die wet hom kan red en dat Jesus dus 'n bedreiging is vir die ware godsdiens wat Satan skep op grond van die Tien gebooie.

Hierdie rol en werk van Satan skep die godsdiens van die valse kerk van Satan. Dis nie dieselfde as die satanskerk van die sataniste nie. Hierdie valse kerk van Satan is altyd teen die kerk van Christus. Sy valse godsdiens is 'n godsdiens wat gebaseer is op die wet as weg van saligheid. Dit is die godsdiens van die Fariseers: 'n godsdiens waar die mens deur sy bekerings volgens die wet, sy liefde volgens die wet, sy belydenisse en oorgawes volgens die wet, probeer om God se guns te wen(Rom.9:30-10:3). Daarom word die sinagoges waar die wet as weg van saligheid geleer word en geloof in Jesus verdag en afgemaak word, deur Johannes beskryf as "die sinagoge van die Satan"(Open 2:9). Deur

hierdie valse kerk word die mens steeds onder die mag van die sonde gehou, die mag van die wet en Satan. Die Satan skep dus twee kerke: die valse kerk wat op die wet gebaseer is(sinagoge van die Satan) en die satanskerk wat hom openlik aanbid.

**10.Die valse kerk v an Satan verskans die ware mag van Satan: die wet, teen die intrede van Christus en geloof in sy oorwinning oor die mag van Satan.**

Die rol van die valse kerk is om die mag van Satan, die wet, teen die werk van Christus en geloof in die oorwinning van Christus te beskerm. Die manier waarop dit gedoen word is om:
1.ander magte as die wet voor te hou as die mag van sonde.
2.ander bevrydinge en oorwinnings voor te hou as die intrede van Jesus by die Vader.

**a. Die Satan bind ons met magiese kragte.**
Volgens die valse kerk van Satan is dit nie die wet van God wat ons aan Satan bind nie. Daar is ander magiese kragte en magte wat ons bind: Boedhabeeldjies in ons huise, mense wat bindings magte het op ons lewe, toorvoorwerpe van toordokters, karate, judo, Liewe Heksie en die Ninja Turtles op TV, Halaal-tekens op ons kos, glasie-glasie speel, popliedjies, hipnose, besoeke aan homeopate, noem maar op. Hulle probeer mense oortuig hierdie is magiese kragte van Satan wat ons bind en maak dat ons nie kan bid, God kan dien en eer nie. Die mens word deur die valse kerk oortuig om te glo sulke magiese kragte is die mag van Satan, nie die wet nie.

**b. Satan bind ons deur sondes, wat Jesus nie kan verbreek deur vir ons in te tree nie.**
Volgens die valse kerk van Satan is daar ook sekere sondes wat die mens doen, wat groter en sterker bose bindinge op die mens plaas as die wet se oordeel deur God. Dit is sondes soos raad soek by 'n fortuinverteller, besoeke aan toordokters, geloof in reïnkarnasie en deelname aan okkultiese praktyke. Hierdie bindinge is 'n mag van die Satan wat die mens se lewe inkom wat nie verbreek word deur Jesus wat vir ons intree en pleit nie.

Die magte kan alleen gebreek word deur die sogenaamde bevrydings-bediening: jy moet jou sondes onder die wet bely, maar meer as dit, jy moet ook die Satan bestraf, vir hom alle aanspraak in jou lewe ontsê, hom verwerp en weerstaan. Eers dan sal die bindinge in jou lewe jou los.

Die valse kerk leer die mens dus om te glo dat daar bindinge van Satan is wat nie deur die vergifnis van sonde verbreek word nie. Die mens moet glo dat hy Satan se magte kan breek deur teenoor hom posisie in te neem en deur sy eie pogings om homself ten volle aan God en sy wet toe te wy. Volgens die valse kerk is so 'n mens wat Satan teëgaan en homself aan God se wet verbind - 'n vry mens.

**c. Die Satan kan iemand wat aan Jesus behoort nog in sy mag hê.**
Volgens die valse kerk van Satan kan die Satan 'n kind van die Here so in sy mag kry, dat al behoort hy aan Christus, hy onder die beheer van duiwels kom wat sy lewe beheer. Satan kry die mag oor die mens as hy, so sê hulle: "op 'n plek gaan staan waar God nie is nie". Dit is sondes wat christene doen waar hulle hulleself doelbewus van God se gesag onttrek. Die leer maak dat ons Christus nie kan vertrou dat Hy ons van Satan sal bewaar nie, tensy ons volgens die wet leef. *So maak die valse kerk weer die wet die middel wat ons teen die magte van Satan beskerm.*

**d. Die mens doen sonde omdat die duiwel hom dit laat doen.**
Die sondes en wandade wat die kind van God doen wat volgens die valse kerk deur 'n duiwel gebind is, is nie iets wat hyself doen uit eie oortuiging nie. Dit is die magte van duiwels wat hom dit laat doen.

Volgens die valse kerk is die gelowige iemand wat al minder en minder sondes doen en al meer en meer heilig is volgens die wet(Fariseërs). As jy werklik met God se gees vervul is, dan sou jy nie meer 'n lewe van val in die sonde en opstaan in die geloof leef nie. 'n Lewe van oorwinning is deur minder sondes te doen.

As iemand daarom in 'n sonde verval of weer sondes doen, is dit nie hyself nie, maar Satan wat hom dit laat doen. So word Satan die persoon wat mense alkoholiste maak en hou, laat humeurig wees e.a. Meer, oorwinning is nie meer die sekerheid dat geen sonde ooit weer teen ons sal tel nie en God met ons as sondaars is nie. Dit is om minder en minder sondes te doen.

**e.Die Evangelie en geloof in die Evangelie kan nie mense uit die mag van duiwels bevry nie.**
Om uit die magte van die duiwels te kom is dit nie genoeg om net in Christus te glo nie. Volgens hulle kan 'n mens nie in Christus glo voor so 'n mens nie eers die duiwels uit hom laat uitdryf het deur 'n geestelike wat die mag het nie. Na die magte uit gedryf is en hy hom eers weer aan die Here toegewy het(wetsgehoorsaamheid), is hy bevry. Die verkondiging van die Evangelie en geloof in Christus kan nie die mag van Satan verbreek nie.

Deur hierdie valse magte(a-e), wat die Satan nie regtig het nie en net bestaan omdat die mens dit glo en wil glo, word die ware mag van Satan heeltemaal verskans. Wie aan hierdie magte glo kan glad nie daaraan dink of verstaan dat Satan net een werklike mag het nie. Dit is die mag om sondaars aan te kla volgens die wet.

Deur hierdie bygeloof in Satan probeer Satan sy werklike swakste plek versteek: dat sy enigste mag deur Christsus vernietig is. Christus se sterwe en intrede onder die wet vir sondaars het hulle heetemaal van die werklike mag van die sonde, die wet, vry gemaak.

Wie egter aan die magte van Satan en sy kerk glo, glo nie dat die mag van sonde vernietig is nie. Meer, deur die bygeloof maak Satan dat die mense juis hulle redding en bevryding gaan soek by die plek waar sy mag op hulle gesetel is - by die wet en hulle bekerings, toewydings, oorgawes en getuienisse volgens die eise van die wet. Deur die mens so aan die wet gebind te hou deur daarin redding en bevryding te soek, is die mens ewig aan God se oordeel en Satan se bondgenootskap verbind.

**11. Deur die skep van 'n satanskerk gee die Satan aan die valse kerk van Satan geloofwaardigheid as die ware kerk en word die ware kerk verdag gemaak as 'n kerk wat nie teen Satan is nie.**

Hoe kry die satan dit reg dat mense al die getuienisse glo oor al die valse en bygelowige magte wat hy sou hê? Enige denkende mens kan tog vir homself sien dat dit absurditeite en versinsels is.

Meer nog, hoe kry hy dit reg om die ware kerk se getuienis oor die oorwinning van Christus oor die ware mag van sonde uit die gemoed van die mense te skuif? Hoe kry hy dit reg om mense hulle toevlug tot die wet, die mag van die sonde te laat neem? Iets wat enige denkende mens ook dadelik sal toegee nie die mens kan bevry nie. Dit is juis die probleem van die mens, geen mens kan die wet onderhou nie. Wat nog daarvan om dit so te onderhou dat God ons daardeur van sy oordeel sou bevry of dat ons daardeur onsself van die Bose sou bevry!

**a. Die valse kerk van Satan beklee die satanskerk met ontsag.**
Om die valse magte wat geen regte godsdienstige kragte is as waar voor te hou en die kerk se verkondiging van die Evangelie van Jesus se intrede onbelangrik te maak - skep Satan die satanskerk.

Deur die valse kerk word hierdie satanskerk in die gemoed van die mens opgebou as die ware bedreiging van godsdiens. Met groot ontsag word van die oënskynlike magte van die bose in die kerk gepraat. So identifiseer die mense op die teenbeeld.

Wat is die dade wat die satanskerk so vreesagtig maak? Totale belaglikhede soos om in begraafplase rond te loop, magiese rituele en formules uit te spreek met die waan dat daar magte in is, die opkerf van diere en drink van bloed so asof daar booshede daarin vrygestel word, die beoefen van perverse seks so asof daarin beheer oor booshede verkry word.

Alles belaglike en absurde gedrag. Maar die

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Februarie 1992

valse kerk maak asof die belaglikhede met ontsag bejeën moet word vir al die magte en kragte van die boosheid wat daarin opgesluit sou word.

**b. Die satanskerk maak die valse kerk en sy werke geloofwaardig.**
Wat is die punt? Die punt is dat die valse kerk van Satan hom self teenoor die satanskerk opstel as die ware kerk. Dit is hulle wat die satanskerk beveg, dit is hulle wat die satanskerk se gruweldade oopvlek.

Die satanskerk gee geloofwaardigheid aan die valse magte wat Satan wil hê die mens moet glo dat hy het. Dit is die valse kerk wat die duiwels van die duiwelaanbidders kan uitdryf. Dit is die valse kerk wat die "duiwelse magte" uitwys: glasie-glasie speel, karate, waarsêry e.a. Dit is die valse kerk wat die duiwel openlik bestraf en wat mense kan help deur hulle te bekeer op hulle wettiese manier van sondebelydenis en oorgawe. Dit is die valse kerk wat mense het wat getuig hoe hulle eers duiwels aanbidders was en nou bekeerdes is.

Watter mens sal ooit nog hierdie valse kerk as die valse kerk van Satan kan herken as hy so veg teen die satanskerk? En dit is juis die punt. Deur, vanaf kansels en die openbare media, die satanskerk te skep as sy eie teenpool, maak die Satan die valse kerk waarin hy homself as Engel van die lig voordoen, geloofwaardig.

**c. Die satanskerk maak die kerk van Christus onbelangrik.**
Die ware kerk wat die Evangelie van Christus se oorwinning oor die mag van die sonde en Satan verkondig, word deur die satanskerk onder verdenking gebring.Hoe kan die kerk verkondig dat Jesus die Satan oorwin het as mense in die mag van die okkulte en satanskerk verval? Hoe kan die kerk sê dat die Satan se mag finaal vernietig is as mense getuig hoe hulle deur Satan gebind was toe hulle karate beoefen het of by 'n waarseêr was en dit uiteindelik tot satansaanbidding gely het?

Met hierdie getuienisse oor die satanskerk en die valse kerk se gevegte teen die satanskerk word die vermoede geskep en versterk: die kerk is nie meer teen die duiwel nie, die kerk glo nie meer daar is 'n duiwel nie, die kerk het nie regtig 'n oplossing om mense wat in die satanskerk was te help nie, die enigste mense wat omgee vir die mense wat probeleme het met die okkulte is die valse kerk.

**d. Die satanskerk maak die verkondiging van die Evangelie, as einde van die wet, 'n bedreiging vir die "ware godsdiens" van die valse kerk.**
Met hierdie vermoede maak die satanskerk dat as die Evangelie verkondig word van Jesus wat 'n einde kom maak het aan die wet en wetsgehoorsaamheid as die weg tot God, die mense nie meer die boodskap glo nie. Die wet is die middel wat hulle tog van die satanskerk bevry het, so glo hulle. Hulle weet nie en glo nie dat die wet die mag van die sonde is nie.

Hulle glo in die Satan as 'n magtige figuur met al die magte wat hy vir homself toe-eien. Enige iemand wat nou die wet afwys as die weg waarop ons bevry of gered word, werk saam met die duiwel. Dit is wat die Jode doen as Jesus homself teenoor die wet as die waarheid van die verlossing verkondig: "Die Jode het toe vir Hom gesê:" Ons het mos gesê jy is 'n Samaritaan en van die duiwel besete"(Joh.8: 48).

Die Satan se enigste mag, die wet, is deur Christus finaal vernietig. Hy kan die kerk nie meer in die hemel by God aankla nie. Al wat hy nou nog op die aarde kan doen is om te keer dat mense glo dat Jesus se intrede by die Vader hulle van sy mag bevry.

Hy oortuig mense dat hy ander magte het deur die getuienisse van die valse kerk. Hy oortuig mense dat die wet hulle toevlug is. Hulle weet nie meer dat die wet hulle eintlike probleem en sy regte houvas op hulle gewete teen God is nie. Die wyse waarop hy hulle oortuig is deur die satanskerk. Die satanskerk maak Satan en die valse kerk 'n engel van die lig. Dit maak Jesus en sy kerk teenstanders van ware bevryding: die wetsgehoorsaamheid en teenstand teen die duiwel. So hou Satan mense gebind aan die enigste mag wat hy het: die wet.

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Februarie 1992

# 'n Pastorale woord aan mense wat in die satanskultus betrokke geraak het.

Wat moet die ware kerk sê aan hulle wat by die satanskerk betrokke geraak het? Hoekom raak jongmense daarby betrokke? Hulle is mense wat mislei en misbruik is. Die satanskerk skep die illusie van mag en beheer. Met al die absurde rituele word daar voorgehou dat mense nie sonde doen omdat hulle van God vervreem is nie, maar omdat hulle oor magte beskik. Dit is wat hulle in die valse kerk elke Sondag van die kansels geleer word om te glo.

Wat is nou vir 'n jongmens die maklikste as hy van homself bewus raak, van wie en wat hy of sy werkilik is: om te erken dat ons sondige neigings ons eie swakheid, ons eie verleentheid teenoor God is, of om te glo dat ons die gevoelens het en die dade doen omdat ons daardeur magte en kragte kan beheer wat ander mense vrees ? Die perversiteit van die satanskultus skep die illusie van beheer oor sonde. Wat is vir 'n jongmens die moeilikste om te aanvaar as hy homself begin ontdek en nie meer die sondes van sy ouers en gemeenskap kan verwyt oor sy eie binneste nie: om te erken dat ons self innerlik sondaars is of om te glo dat die duiwel my onder sy beheer het en ek maar net doen wat hy my laat doen.

Die kinders word deur die valse kerk geleer wat is die simbole en tekens van die satanskerk. Wat is die maklikste: om 'n skaam en onsekere jongmens te wees wat niemand raaksien nie, of om deur al jou maats gevrees en bespreek te word omdat jy satanssimbole op jou skooltas dra? So word die jongmense deur die valse kerk van die kansels verlei om hulle self in die mag van Satan te identifiseer. Hulle verset en opstand kan hulle dan teen die gemeenskap gestalte gee deur dit wat hulle weet die valse kerk as vreesagtig voorhou: satansaanbidding.

Die tragiek van die verval in die satanskultus is onbeskryflik. Die valse kerk wil hulle satansaanbidders hê. Dan kan hy vir die wêreld vertel sy eie getuienisse en kragte is waar. Meer nog, as hulle in die kultus ingedryf is deur die kansels, kan hulle net daaruit as hulle weer toegee aan die valse wettiese bekerings en boetedoenigs van die valse kerk wat hulle geskep het. Hulle moet eers weer die getuies word oor hoe goed die duiwelsbeswering van die valse kerk vir hulle werk.

In hulle absurditeite en patetiese bygelowigheid oor hulle gewaande vreesagtigheid, is hulle niks anders as misbruikte mense nie. Misbruik deur Satan en sy valse profete van die wet. Misbruik om die ware kerk en Jesus se vernietiging van die ware mag van die satan te verduister en ongeloofwaardig te maak. Hulle is kinders wat gebruik word om die waarheid van Jesus vir die wereld te verberg terwyl hulle glo hulle kan die gemeenskap met hulle belaglikhede intimideer.

Hierdie kinders moet die waarheid hoor. Dit is die wet wat hulle van God vervreem. Dit is die mag wat hulle bind aan hulle bygeloof en waan van mag en beheer oor hulle swakhede, hulle sondes. Meer, Jesus het in hulle plek onder die wet gestaan. Hy pleit vir hulle. God aanvaar hulle met hulle innerlike sondigheid, hulle swakhede en hulle perversiteite. Hulle kan dit van hulle self aanvaar. God het en sal hulle nie verwerp vir wat hulle is nie. Niemand kan hulle daarvoor aankla of veroordeel nie. Hulle het Jesus as hulle advokaat by die Vader.

Hulle kan ook die Gees as die Trooster van ons gewete ontdek. (Rom. 8:1). Hulle het nie die skynmag van die belaglikhede van die satanskerk nodig nie, ook nie die bygelowe en wettiese vroomheid van die valse kerk nie. Wie in Jesus en sy intrede by die Vader glo - is verlos van die mag van die wet en Satan: dit is finaal en vir altyd.

Kol. 1: 13-15 "God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy al ons sondes vergewe het. (14) Hy het die skuld bewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. (15)Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."

Petrus Kriel.
Ned. Geref. Kerk Levubu.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

## *STUDIE 3*

## *DIE CHRISTELIKE TROOS -'N GEHEELBEELD*

*Ons belydenisskrifte is die goud wat gemyn word uit die besondere openbaring (die Bybel).*

*Ten spyte van diè rykdom, is baie lidmate geestelik arm omdat hulle nie die belydenisskrifte ken of gebruik in hulle bybelstudie nie. "Dit is mos net bedoel vir die katkisante", word geredeneer.*

*Om weer verryk te word, het ons "anderse katkisasieklas" ons formuliere van eenheid gaan kombineer. Dit het ons drie weke geneem om die meegaande resultaat te bereik. Ons is bewus daarvan dat sekere dele oorvleuel en ander moeilik in diè skema geplaas kan word, maar diè poging het na ons mening in sy doel geslaag omdat dit nou makliker is om te kyk wat die ander belydenisskrifte oor 'n saak sê.*

*Voordat u dit deurgaan is dit belangrik om op sekere dinge te let:*

1. *Die raam rondom dui daarop dat alles op die genade alleen (sola gratia) berus.*

2. *Alles wat hier geleer word kom uit die besondere openbaring (sola scriptura).*

3. *Die Heidelbergse Kategismus se indeling van sonde, verlossing en dankbaarheid word as uitgangspunt gebruik en die Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls is daarby ingewerk.*

4. *Die boog om die "Troos" dui daarop dat die gelowige getroos is ook in sy sonde. Dit is dus nie trappe van verlossing nie, maar troos vir die geredde sondaar in sy daaglikse lewe.*

   *Waar te veel klem op een geplaas word, word die evangelie skeef getrek.*

   *Waar sondekennis oorbeklemtoon word, lei dit tot pessimistiese, neerslagtige mense wat in alles sonde sien.*

   *Waar verlossingskennis verhef word as diè belangrikste kan dit lei tot onverskilligheid en waar dankbaarheidskennis oorbeklemtoon word, is wettiesisme die groot gevaar.*

   *Daarom moet deurentyd gelet word op al drie - ons het dus nooit gearriveer nie.*

5. *Sekere ander belangrike aspekte waarop gelet moet word is:*

*5.1 Alhoewel wedergeboorte onder sonde genoem word, dit by verlossing (en veral die geloof en doop) hoort.*

*5.2 Onderskei bekering wat ter sprake is by verlossing (DLR 3\4 v 6 praat van geloof waardeur die mens die eerste keer bekeer word) van bekering as dankbaarheidshandeling.*

*5.3 Let op die verband tussen vrae 22 en 59 van die H.K.*

*5.4 Ten slotte word dankbaarheid sigbaar in 1. Goeie werke*
*2. Die wet*
*3. Gebed.*
*Nie een van diè drie kan egter verlossing bring nie!*

*Ek vertrou dat hierdie poging u ook sal help en aanmoedig om erns te maak met die ryke skat wat in ons belydenisskrifte gegee is.*

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

## *GENADE ALLEEN (SOLA GRATIA)*

### *TROOS (HK vr.1)*

1. *Ek behoort aan die Here*
2. *Ek is gekoop deur Sy bloed*
3. *My sonde is vergewe en ek is van die duiwel verlos*
4. *Hy bewaar my vir tyd en ewigheid*
5. *Die Gees verseker my van die ewige lewe*
6. *Hy maak my van harte gewillig en bereid om vir Hom te lewe*

*Die GENADEVERBOND (vgl. Doopformulier) kom sê dit alles vir ons*

*SONDE*

1. *Kenbron:*
   *HK vr 3*
   *DLR 3\4.5*

2. *Eie vermoë :*
   *HK vr 4*
   *Vrye wil :*
   *NGB Art 14*
   *DLR V 2.6*
   *DLR 3\4.1,3\4V9*
   *DLR 3\4.10,14,16*
   *DLR 3\4 V 3*

3. *Oorsprong :*
   *HK vr 6-7*
   *NGB Art 14*
   *DLR 1.1,1.5*
   *DLR 3\4.1*

4. *Gevolge :*
   *HK vr 5*
   *Natuur is verdorwe:*
   *NGB Art 14*
   *DLR 1.4 DLR 2.1*
   *DLR 3\4.3*
   *Die skuld lê by die mens:*
   *HK vr 8-11*
   *DLR 3\4.9*

*Wedergeboorte :*
*NGB Art 24 (par 1)*
*NGB Art 34 (par 3)*
*(Vgl. HK vr 72-73)*
*DLR 3\4.11-12*
*DLR 3\4 V 3 en 8*
*DLR 5 V 8*

*Erfsonde :*
*NGB Art 15*
*DLR 2 V 5*
*DLR 3\4.2-3*
*DLR 3\4 V 1-2*

*VERLOSSING NGB Art 17*

1. *Bevryding : HK vr 12*
2. *Self of ander? HK vr 13-14 (vgl. ook vr 30), NGB Art 23, DLR 2.2 (vgl. ook vrye wil onder "Sonde")*
3. *Hoedanig? Ware God en mens HK vr 15-17 NGB Art 10,18,19,26 DLR 2.4*
4. *Jesus Christus - Openbaring (Roeping)*
   *HK vr 18* — *HK vr 19*
   *NGB Art 2-7*
   *DLR 1.2* — *1.3*
   *DLR 2, DLR 3\4.4, 3\4.6-8*
   *DLR 5.14-15*
5. *Geloof : HK vr 20,21, NGB Art 22-23, DLR 1.5,6,7,9*
   *DLR 3\4.10,12,14*
   *(vgl. geloof en eerste bekering DLR 3\4 V 6)*
   *Geloofsinhoud : HK vr 22-23 (12 Artikels)*
   *GOD DRIE-ENIG NGB Art 1,9-10 ; (DLR 2.4) HK vr 25 (HK vr 26-58)*

| *Vader-Skepping* | *Seun-Verlossing* | *H.G.-Heiligmaking* |
|---|---|---|
| *Skep en Onderhou* | *Enigste Verlosser* | *Geloof in die H.G.* |
| *HK vr 26* | *HK vr 29-30* | *HK vr 53* |
| *Voorsienigheid* | *NGB Art 26* | *NGB Art11* |
| *HK vr 27-28* | *DLR 2.2-4* | *Kerk:* |
| *NGB Art 12-13* | *Christus-christen* | *HK vr 54-55* |
| | *HK vr 31-32* | *NGB 27-31* |
| | *Al Christus se weldade ons s'n* | *DLR 2.9, 5.9* |
| | *NGB Art 18* | *Uitverkiesing :* |
| | | *DLR 1,* |
| | | *NGB Art16* |
| | | *Vergewing* |
| | | *HK vr 56* |
| | | *NGB Art21* |
| | | *DLR 2.3* |
| | | *Opstanding* |
| | | *HK vr 57* |
| | | *Ewige lewe :* |
| | | *HK vr 58, NGB Art37* |

*Wat baat die geloof? HK vr 59 (vgl. HK vr 22)*
*Regverdigmaking: HK vr 60-61 NGB Art 20,22-24*
*Openbaring : Bron en versterking van geloof. HK vr 60-61,65; NGB Art 2-7; DLR 3\4.17*
*Geen Onverskilligheid nie : HK vr 64,NGB Art 24, DLR 1.13,5.12-13,5 V6*
*Sakramente : HK vr 66-68; NGB Art33;*
*Doop : HK vr 69-74;NGB Art34;DLR1.17*
*Nagmaal: HK vr 75-82; NGB Art 35*
*Tug:HK vr 83-85; NGB Art32;DLR3\4.17*

*DANKBAARHEID*
*DLR 3\4.15*

1. *Goeie werke :*
   *HK vr 86-87*
   *(vgl ook HK vr 62-63)*
   *NGB Art 24*
   *DLR 5.9-10*
   *Sekerheid :*
   *DLR 1.12-13*
   *DLR 2 V 3*
   *DLR 3\4.11*
   *Bekering :*
   *HK vr 88-91*
   *DLR 3\4.9-10*
   *DLR 3\4 V 6-9*

2. *Die Wet :*
   *HK vr 92-113*
   *Onbekwaamheid :*
   *HK vr 114-115*
   *(vgl. HK vr 4)*
   *Volharding :*
   *DLR 5*
   *(NGB Art 36 Voeg in by gesag)*

3. *Gebed :*
   *HK vr 116-129*
   *DLR 5.4*

ISSN 1017-6837 VDM jg 1/1 Februarie 1992

# CHRISTUS IS DIE EINDE VAN DIE WET.

## (DEEL 2)

Die ware kerk van die Here word vry gespreek alleen deur die Evangelie en die geloof in die Evangelie. Christus is die einde van die wet en die einde van bekering onder die wet as weg tot vryspraak.(Rom. 10:4). Hierdie kontras tussen die wet en Christus, as die weg tot vryspraak is nie maar net 'n teologiese en filosofiese kontras nie.

Dit is ook nie maar net 'n leerstellige verskil wat van so aard is dat daar in een kerk twee groepe kan wees nie: naamlik, die wat sê redding deur geloof alleen en ander wat sê redding deur bekering onder die wet. Hierdie is 'n kontras wat mense van mekaar vervreem en van mekaar so uitsluit dat hulle nooit een kerk kan wees of een gemeenskap kan beleef en beoefen nie.

Die waarheid, dat Jesus die einde van die wet as middel tot vryspraak is, stel die ware kerk en valse kerk teenoor mekaar. Dit is 'n teenstelling van: die kerk wat gemeenskap het aan Christus en die valse kerk wat uitgesluit is van Christus en sy volk. Hierdie verbondenheid van die ware kerk met Christus en met mekaar is die einde van enige gemeenskap met die valse kerk en hulle onderlinge wetsverbondenheid.

**a.Jesus is die einde van die Fariseers.**

Jesus as persoon het geen gemeenskap of deel aan die Fariseërs as godsdienstige leiers nie. As persone sluit hulle mekaar uit. Dit is of die Fariseërs of Jesus, nie 'n samestelling van Jesus en die Fariseërs nie. Vgl. Joh 7:47 en 48: "Die Fariseërs sê toe vir hulle: " Is julle tog nie ook mislei nie? Het een van die lede van die Joodse Raad miskien in Hom geglo, of een van die Fariseërs?".

Jesus laat ook van sy kant af geen geleentheid verbygaan om die Fariseërs uit te wys as mense wat geen deel aan Hom en die koninkryk van God het nie, selfs al is hulle sy gasheer aan tafel. Vgl Mt. 23. Jesus as persoon is die einde van die Raad van Fariseërs en hulle godsdienstige gemeenskap. Hy is die einde van die priesters, die offers, die sabbat, die tempel, die besnydenis en die reinigingsgebruike en wie aan Hom deel het is uitgesluit van die gemeenskap wat nog aan sulke en soortrgelyke sake gemeenskap het(Kol. 2:8-12 en 16-23).

**b. Die bediening van Paulus is die einde van die bediening van die voorstanders van die wet en besnydenis.**

Paulus stel dit baie duidelik in 2 Korinthiërs 3 dat die bediening van die kerk, die bediening van die evangelie is en nie die bediening van die wet nie. Dit is twee bedieninge wat mekaar uitsluit en waar die bediening van die wet "dood maak", "tot die doodlei", dit is "waardeur die mense veroordeel word", 'n sluier oor die verstand bring. Hier teenoor staan die bediening van die evangelie wat lewend maak, mense vryspreek en die sluier wegneem. Met hierdie kontras verwys hy na die valse profete wat naas die geloof in Christus nog steeds as van gelyke waarde met Christus die wet wou handhaaf, 2 Korinthiërs 11 en 12. Hierdie is twee bedieninge wat mekaar heeltemal uitsluit en die gemeenskappe wat onder die bedieninge byeengebring word sluit mekaar ook heeltemal uit.

**c. Die kerk se gemeenskap met Christus en mekaar sluit die mense wat deur wetsgehoorsaamheid gered wil word heeltemal uit, Rom. 10:12, 16, 20 en 21.**

Tussen hierdie twee groepe is daar geen middelgroep nie en daar kan ook geen versoening tussen hierdie twee groepe wees nie. Kan 'n godsdienstige leier vandag die meerdere en diepere teologies insig hê om tussen Jesus en die Fariseërs versoening te bewerk? Hoe sou so 'n versoening tussen Jesus

en die Fariseërs lyk?

Jesus is die een wat te veel klem lê op Homself, Hy wil die hele tempel, die priester, die offers, die sabbat en reinigingsgebruike vervang. Hy wil Homself alleen as die weg tot saligheid voorhou: " Ek is die weg en die waarheid en die lewe."

Die Fariseërs het weer te veel klem op die wet gelê en te min van Jesus gemaak. En die twee groepe kon nie versoen nie. Jesus snou die Fariseërs toe dat hulle huigelaars, skynheiliges, moordenaars, blinde dwase, slange, addergeslag, witgepleisterde grafte en blinde leiers is. Lelike taal vir so 'n diep godsdienstige man! Die Fariseërs weer snou hom weer toe dat hy Godslasterlik, 'n minagter van die wet en die tempel en daarby 'n opstoker teen die die regering is.

Die wat Christus en die Fariseërs wil versoen sê: "Ons moet nie toelaat dat een van die uiterstes die mense uitmekaar laat gaan nie. Ons moet 'n middeweg kry wat ons bymekaar sal bring. Ons moet hulle met mekaar kan versoen!!"

**So 'n standpunt wil nie aanvaar dat die botsing tussen Jesus en die Fariseërs, Paulus en die valse apostels, die kerk en die wetsonderhouers vir saligheid - gemeenskappe is wat mekaar heeltemal uitsluit nie. In die lig hiervan is dit duidelik dat die voorstanders van redding deur geloof en bekering vandag, glad nie toevallig, terselfdertyd die groot versoenaars, wat poog om die twee botsende groepe in die kerk te versoen, is nie.**

Christus is die einde van die wet en andersom ook. Dit is die wese van die gemeenskap van die kerk en Christus met mekaar. Die volheid van God se genade is alleen in Christus en in ons gemeenskap met Hom alleen deur die geloof alleen.

Die waarheid van die stelling: "Christus is die einde van die wet" kan alleen in die kerklike bediening van ons dag gehandhaaf word as ons daarmee die moed en durf het om dit te bely as die waarheid van twee gemeenskappe wat mekaar uitsluit en onversoenbaar as godsdienstige gemeenskappe erken en gehandhaaf moet word.

As die gelowige se gemeenskap **net met Christus alleen en sy lidmate** die einde is van die wetsgemeenskap van die valse kerk kan die volgende nooit waar wees nie:

*1. Daar is twee groepe in die kerk met elk 'n eie standpunt oor verlossing wat ewe geldig is,en ons moet kan aanvaar dat hulle met mekaar hieroor mag verskil.*

*2. Hierdie twee groepe is maar net twee uiterste waar een die wet en die ander Christus te veel beklemtoon.*

*3.Die twee groepe in die kerk moet bymekaar uitgebring word, want op die ou end sê hulle dieselfde, elkeen maar net op sy eie manier.*

*4. Ter wille van die eenheid van die kerk moet daar 'n balans wees tussen die wat Christus beklemtoon en die wat die wet beklemtoon - as weg van saligheid.*

*5. Daar moet meer verdraagsaamheid en liefdevolheid wees tussen die twee groepe, want op die ou einde gaan dit nie oor leerstellinge nie maar oor die liefde. Dit is nie dogma wat belangrik is nie, maar koinonia.*

**Die waarheid: Christus is die einde van die wet, kan alleen die waarheid vir die kerk wees as dit beteken die gemeenskap met Christus alleen is die einde met enige ander gemeenskap.**

Hoe diep vervalle die Ned. Geref. Kerk in die waan van 'n middeweg en tussengroep vir die waarheid van "Christus is die einde van die wet" is, blyk uit sy erkenning van die A.G.S. - wat ten spyte daarvan dat daar geen verandering in hulle geloofsinhoude gekom het nie, nou nie meer 'n sekte buite die gemeenskap van die kerk is nie, maar nou as deel van die protestantse kerklike gemeenskap erken word. Dit ter wille van versoening en liefde wat groter moet wees as die dogmas(waarheid) wat ons skei.

Petrus Kriel.
Ned. Geref. Kerk Levubu.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# Heildronk op die erediens

Op een goeie Maandagmiddag vra die leraar aan die belydenisklas: "Hoekom gaan ons Sondae kerk toe?"

"Om 'n boodskap te kry vir die week wat voorlê."

"Nee, dan sou ons dit 'n boodskapsdiens genoem het."

"Om voedsel vir my siel te kry" probeer 'n ander een van deesdae se moderne kinders wat net ingestel is op ontvang.

"Nee man ons noem dit ook nie 'n voedsel-vir-my-siel diens nie. Kom ek help julle. Dink bietjie, wat noem ons die Sondag byeenkoms?"

"O, 'n erediens! Dan kom ons seker om die Here te eer en te dien" vat een heel onseker 'n kans.

Ja, ons kom om iets te gee in die eerste instansie en nie so seer om te kry nie. En juis in die gee, kry ons, word toe aan die verslae skapies verduidelik. Die leraar gaan voort en sê: "Juis om die Here te dien is voedsel vir My siel".

Hulle het altyd gedink pa en ma se gekla oor die die eN Gee eN Gee van die Ned. Geref. Kerk het net met geld te doen gehad. En nou dit! Die gesigte en liggaamstaal(want dis mos deesdae mode) sê duidelik - die dominee is 'n bietjie erg.

"Julle kom vir die preek, maar die preek is maar een klein onderdeeltjie van die hele erediens. Die gemiddelde preek is nooit langer as 20 minute nie", maak die leraar 'n stelling.

Met dit ontketen hy amper 'n rewolusie soos wat hulle dit vurig ontken. Hulle weet mos hoe laaank preek hierdie dominee. Dis hulle wat moet wakker bly om van luister nie eens te praat nie.

In 'n laaste wanhopige poging om sy punt te maak en sê die stomme predikant: "Julle het mos deesdae almal horlosies wat piep en skree in die kerk. Kyk nou bietjie Sondag hoe lank preek ek en julle sal sien dis niks langer as 15 minute nie."

"Onmoontlik" skud almal hulle koppe.

"Nou goed, as ek ek langer as 15 minute preek dan koop ek vir elkeen in die klas 'n Coke".

In die lig van die feit dat die leraar, wat 'n intekenaar van VDM is, se erediens vir die komende Sondag toe alreeds uitgewerk is gaan hy toe verder en sê: "Maar wag 'n bietjie. Wat reg is vir een, is reg vir die ander. As ek minder as 10 minute preek dan koop julle elkeen vir my 'n Coke!"

Geen probleem nie besluit die katkisante en net daar en dan word die horlosies sommer gestel vir Sondag. Hier kom 'n ding! Gedagtig aan die heerlike verlossing van net 10 minute vat een van die post-moderne kinders 'n gaping: "As dominee onder 5 minute kom dan kry dominee 'n kas bier."

Noag.

---

Alhoewel die preek net een van die elemente van die erediens is bly dit steeds baie belangrik. Dit gaan immers om die Woord van God. En as sulks is en bly dit die spil en sentrum van die hele ontmoetingsgebeure in die erediens. Waar dit nie meer die geval is nie word die gevaar van ligsinnigheid lewensgroot en alle gelowiges het probleme met hierdie "ligsinnige" vorm van aanbidding.

---

**Hierdie mense kom net om in die kerk te speel en as hulle klaar gespeel het en die Woord word bedien dan slaap hulle.**

**Matotzi Davhana,**
**NGKA Venda.**

En ons het altyd gehoor dis hulle kultuur om so kerk te hou.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# CHRISTUSBEWUSTHEID AS OORWINNINGSFEES.

*Hier volg 'n volledig uitgewerkte erediens. Die inhoud van die onderskeie liturgiese elemente is so gekies dat dit die sentrale boodskap van die verkondiging ondersteun en na vore druk.*

VOTUM:

Ons vergader vanoggend in hierdie erediens
omdat die Vader ons daartoe geroep het,
**ons kom as gelowiges so saam ,**
**ogv die Seun se oorwinning**
*ja, ons is hier byeen*
*omdat die Helige Gees ons hierheen gebring het.*
Amen.

SEëNGROET:

Genade en vrede vir julle van Jesus Christus,
die Oorwinnaar,
**en van die Vader wat Hom gestuur het,**
*en van die Heilige Gees wat ons elke dag daaraan herinner.*

SKULDBELYDENIS:

As ons so oorweldig word deur God se goedheid wat hy in Jesus onverdiend aan ons skenk, kan ons nie anders as om in skulderkentenis voor Hom neer te val, omdat ons nie elke dag leef soos mense wat deel in die oorwinning nie.

Ons doen dit deur Ges. 238: 1 en 2 saam te sing. Ons bly sit terwyl ons dit sing, maar as ons by die derde laaste reël van vers 2 kom "In Christus het ek heil gevind.." dan staan ons op as nuwe mense wat die ou mens agterlaat. Ons bly staan vir die lofsang oor hierdie nuwe lewe.

LOFSANG:

As nuwe mense wat in Jesus se oorwinning glo loof ons nou die Here met Ps. 116:1 en 7 en Ges 166:1.

WET:

Die Here laat ons nie alleen in hierdie nuwe lewe nie. Hy gee aan ons sy wet as riglyn om ons te help in die lewe van dankbaarheid en oorwinning. Ons luister vanoggend daarna uit Heb. 13:1-9. Lees dit voor.

Die meeste van ons indien nie almal nie sal op al hierdie goed maar net een ding kan sê en dit is, skuldig. Die klem val vanoggend egter veral op die laaste een. Vreemde leringe. Hoe maklik laat ons ons nie meesleur deur elke vreemde gedagte nie. Ja, elke storie oor satanisme en wie weet wat alles jaag ons op hol en kry al ons aandag. Al wat ons kan doen met al hierdie skuld van ons, is om in die geloof aan Jesus Christus vas te gryp.

GELOOFSBELYDENIS:

Kom ons doen dit as ons staan en ons geloof bely. Ons sê nou hierdie 12 artikels hardop saam, nie maar as leë woorde nie, nie maar as 'n elke Sondag-ritueel nie, maar as woorde waarmee ons vasgryp aan Jesus se oorwinning.

VRYSPRAAK:

As ons hierdie dinge glo dan kan ons weer gaan sit en as't ware rus in die heerlike vertroosting van God se vryspraak soos Heb.10:38 en 39 dit stel. (38) "En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe; maar as hy terugdeins het Ek aan hom niks meer nie." (39) Maar ons is nie van dìe wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe."

EPIKLESE:

Drie-enige God, skryf nou die oorwinning van u Seun oor die Satan op so 'n wyse in ons harte dat ons niks sal vrees nie en nie anders kan as om elke dag te leef vanuit hierdie oorwinning nie. Amen.

SKRIFLESING: Heb. 2:1-14 en Rom. 8:31-38
TEKS: Heb. 2:1, 8, 9 en 14 en Rom. 8: 37-39.

In die kerk glo en verkondig ons die oorwinning van die satan. Ons teks gedeeltes beskryf dit deur te sê die duiwel is vernietig en dat ons wat daarin deel meer as oorwinnaars is. Openbaring weer is veral lief om te sê die Satan is gebind.

Met al hierdie terme of metafore sê ons die Satan hou vir ons geen gevaar in nie. Wat ons betref sou ons kon sê: "Hy is dood!". Hoe moet 'n mens anders "kop vermorsel" verstaan in die bekende moederbelofte van Gen. 3:15.

Ten spyte hiervan hoor ons egter uit alle oorde van die voorkoms en verspreiding van satanisme. Selfs in kerke word mense ingelig oor al hulle bedrywighede. Dit alles maak dit moeilik om te glo dat die duiwel oorwin is.

En dit is nogal moeilik. Kom ons kyk 'n bietjie hoe sou u gevaar het as u op die volgende vrae moes antwoord.

1.Die kerk moet in hierdie dae dit sy taak maak om mense te WAARSKU teen die duiwel.
2.Die kerk moet veral mense BEWUS maak van die satan se werkinge .
3.Die kerk moet die satan BESTRY.

Wat sou u op hierdie drie vrae antwoord. Is ek reg as ek dink dat u op al drie JA gesê het?

Kom ons begin by die eerste een. Ja sal reg wees. Die Bybel doen dit ook. "Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel"(Efesiërs 6:11). Onmiddelik as ons dit egter lees staan ons voor 'n probleem! Hoekom moet jy mense teen iets waarsku wat verslaan is, wat vernietig is?

Beteken dit dalk dat die duiwel nie heeltemal oorwin is nie? Beteken dit dalk hy kan op een of ander manier 'n comeback maak? Nee, nie maklik nie! Daaroor is die Bybel meer as duidelik. Sy mag is heeltemal gebreek. Op Golgota het Jesus Christus sy kop platgetrap. Dis klaar met Kees.

Die probleem bly egter. As dit dan so klaar is met hom, as hy oor die muur is, waarom moet ons mense teen hom waarsku?

Laat ons begin deur te sê dat ons mense nie moet waarsku soos die tweede vraag dit gestel het om hulle BEWUS te maak van die duiwel en sy bedrywighede nie.

Die Bybel doen dit nêrens nie so nie. Anders as vandag se predikers met hulle rillers oor die satanisme gee die Bybel nêrens vir ons detail oor die Satan se dinge nie. Nêrens word die grusaamhede wat hulle alles aanvang bekend gestel nie.

Die Bybel se waarskuwings teen die duiwel is nooit 'n DUIWELBEWUSMAKING nie. Dis slegs 'n waarskuwing. "Wees waaksaam .." "Pasop vir.."

Om hierdie waarskuwings reg te verstaan moet ons vra na die doel daarvan. Hoekom doen die Bybel dit? Die antwoord is doodeenvoudig. Om vir mense te wys op die oorwinning in Christus. Om hulle op te roep om in Hom te glo as die Here. Kom ek lees vir u hoe stel Prof. Adrio König dit in sy boek JESUS DIE LAASTE, op p.166. ""Die waarskuwings aan die gemeente is nie bedoel om hulle 'duiwelbewus' te maak nie, maar om hulle te herinner dat die oorwinning nét in *Jesus hulle deel is."

Daarom broers en susters kom ons waarsku mense teen die satan, maar dan nie deur duiwelbewustheid te kweek nie, maar deur Christusbewustheid te bevorder.

Dit bring ons by die derde vraag. Moet ons die satan bestry. Die antwoord hierop is ja en nee. Nee, ons hoef nie die satan te bestry nie, want Jesus het hom verslaan. Hy is klaar bestry. Om die waarheid te sê hy is teen die planke gestry. Sy kop is teen die grond vermorsel.

Aan die ander kant ja, ons moet hom bestry want sy nagevolge is nog orals werkend. Sy volgelinge wil nie glo dat hy verloor het nie. Daarom moet ons hulle bestry. Maar broers en susters dan nie met allerlei mens gemaakte poginkies nie. Selfs nie met landswette wat hulle verbied nie. Nee, net op een manier. God

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

se manier. DIE VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS wat ons almal meer as oorwinnaars maak.

Ja, met die bekendmaking van Jesus se oorwinning aan die kruis moet hulle bestry word. Met niks meer nie, maar ook niks minder nie. Wat kan beter werk as dit? In rugby maak ons mos so, dat as jou span gewen het en iemand anders wil om een of ander rede hulle oorwinning afkraak dan sê jy mos net vir hom:"Die scoreboard praat die hardste en laaste!"

Dit broers en susters is ons sterkste wapen, nee ons enigste wapen waarmee ons die satanisme, die kommunisme, die humanisme, die wêreld kan bestry. Hierdie scoreboard herinner ons elke dag daaraan: Jesus Christus het oorwin en ons wat glo is saam met hom meer as oorwinnaars.

Kom ons bestry daarom die satanisme. Kom ons vertel van Jesus Christus. Kom ons sê vir die duiwelaanbidders:"Julle is besig met die verloorder. Julle afgod is vernietig. Hy lê soos Dagon van ouds op die grond. Leweloos, sy kop en hande is afgebreek."

Laat ons hulle waarsku uit die Woord van God dat as hulle, hulle nie in geloof tot die lewende God keer nie, hulle saam met die duiwel in die eindoordeel finaal vernietig gaan word, saam met hom in die vuurpoel gegooi gaan word.

Dit is duidelik die antwoorde op die drie vrae is JA, NEE, JA-NEE.

JA, ons moet mense waarsku teen die duiwel sodat hulle kan vasgryp aan die oorwinning van Jesus Christus.

NEE, ons moet hulle nie bewus maak van die duiwel en sy dinge nie. Dit is propaganda vir hom, wat eerder sy saak bevorder en lei tot DUIWELBEWUSTHEID in plaas van CHRISTUSBEWUSTHEID.

JA-NEE. Nee, ons hoef hom nie te bestry nie. Jesus het dit reeds vir ons gedoen. Ja, ons moet sy nagevolge teenwerk met die verkondiging van Jesus se oorwinning.

Kom ons gaan doen dit deur dankbaar te leef soos wat ons is "MEER AS OORWINNAARS". Amen.

Ons begin sommer nou daarmee op die belangrikste manier wat die Here gesê het ons dit kan doen.

DANKGEBED:

DANKOFFERS:
Ons dank die Here ook nou met ons aardse besittings.

DANKGESANG:
Ons dank die Here nou weer in gebed deur Gesang 167 saam te sing(bid).

DANKLEWE:
Ons gaan nou huistoe om dankbaar te leef. Weereens help die Here ons daarin deur vir ons riglyne te gee in Heb.2:1 en 3:12-14. (2:1)Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie. (3:12)Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. (13)Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie. (14)Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het."

SEëN:
Die genade van Jesus Christus wat namens ons die oorwinning behaal het,
**die liefde van die Vader wat dit so bepaal het,**
*en die teenwoordigheid van die Heilge Gees wat ons laat deel in hierdie oorwinning,*
is en bly met julle, nou en tot in ewigheid. Amen.

Danie O'Reilly.
Ned.Geref.Kerk Benoni-Oos.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

## AS KLEIN DINGETJIES DINK ........

Is jy 'n kind van die Here?
Hoe kan jy seker wees?
Is jy waarlik gered?
Sal jy hemel toe gaan as jy nou sterwe?
Is jy seker van jou verlossing?

*Liewe Kallie*

*Sulke vrae gaan jy definitief in jou lewe te-kom, en ek wil nie hê jy moet ooit eers twee keer dink voordat jy antwoord nie.*

*Gaan haal jou foto-album en blaai tot by die foto's van jou doop. Op daardie dag, deur die doop het God vir jou gewys: "Jy's myne"!*

*Ons word gedoop omdat God 'n verbond van genade met ons gesluit het. Vir Abraham, die Vader van alle gelowiges het God al gesê: Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: "Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag".(Gen. 17:7).*

*In die Ou Testament het die Here die besnydenis en pasga as tekens van die verbond gegee. Daarna het Christus die verbond kom bevestig en die doop en die nagmaal as teken en waarborg kom gee.*

*Jy as gedoopte kind van gelowige ouers leef dus in 'n ewige verbond met God. Hy IS jou God vir nou en vir altyd, en jy IS sy kind wat leef tot Sy eer, uit dankbaarheid vir Sy genade, wat Gesang 319 kan sing:*

Ek is gedoop in God die Vader,
die Seun en Heilige Gees se Naam
en tot U eiendom vergader
O Heer met al u kinders saam.
Die Gees gee my getuienis
dat ek u kind in Christus is.

*Groetnis,*

*Die Miemie*(gedoop).

---

## DATUMS?

"Dominee, daar's mense in my wyk wat nie 'n datum het nie."

"Watse datum broer ouderling?"

"'n Bekeringsdatum dominee."

"Móét hulle 'n datum hê my broer?"

"Ja, dominee, natuurlik, 'n mens kan mos nooit seker wees sonder 'n datum nie. Het dominee 'n datum?"

"O ja, beslis! My datum is in my Bybel aangeteken. God het dit vir my neergeskryf. Kom ek wys jou, kyk hier, "So het God, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees."(Efesiërs 1:4)

"Nee, jy verstaan my verkeerd dominee, ek bedoel die datum waarop jou verhouding met God herstel is."

"Ag ekskuus man. Nou verstaan ek jou beter. Ja ek het so 'n datum. Dis baie lank gelede, op goeie Vrydag in die jaar - wel dis moeilik om presies te bepaal watter jaar - maar kom ons sê so ongeveer 33 na Christus. Toe het Jesus my met God versoen."

"Moenie moedswillig wees nie dominee. Ek bedoel die datum toe jy jou bekeer het en jou hart oopgemaak het en Jesus genooi het om in jou hart te kom woon."

"Nee my broer, so fancy datum het ek nie. Maar my ma het my vertel dat toe ek nog baie klein was het God my teen Hom vasgedruk en vir my gesê dat ek Syne is en dat Hy vir my baie lief is, so lief dat Hy Sy Seun gegee het om te sterf vir al my sondes. En weet jy wat, ek is seker daarvan dat dit waar is, ek glo dit. God het my deur sy Heilige Gees oortuig en my dit láát glo!"

**PFrancois.**

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

# Van bl. 40, DIE SATAN GEBIND?

**2.DIE FASES IN GOD EN DIE SATAN SE STRYD.**

Openbaring 12 beskryf drie van die fases. Eerstens is die Satan uit die hemel gewerp met die inkarnasie en hemelvaart van Christus. Hy het dus geen mag, invloed of aanklagreg (ten opsigte van gelowiges) meer in die hemelse sfeer nie (verse 7 tot 12).

Tweedens is die Satan magteloos ten opsigte van die kerk(groep uitverkorenes as kollektiwiteit soos deur die "vrou" gesimboliseer) en haar voortbestaan solank God dit so bepaal(verse 1 tot 4, 13 tot 17). Ook hier is Christus se heilswerk die deurslaggewende element(verse 10 en 11) en is Hy die een wat die sewe sterre vashou en tussen die sewe lampe rondgaan.

Derdens is die Satan besig met oorlogvoering teen die gelowiges maar weereens magteloos want God bepaal die tyd en behou die gelowiges (reeds gewys op Openbaring 13).

*Nêrens beteken die loslating van die Satan probleme vir die gelowiges nie.*

Die laaste fase is die loslating van die Satan, maar let wel, met die oog op sy vernietiging. Openbaring 20:7 tot 10 sê nêrens die loslating beteken probleme vir die gelowiges nie, nee, dit is 'n loslating vir 'n kort tydjie sodat die Satan sy laaste vennote bymekaar kan kry en dan vernietig kan word.

*Die enigste binding waarvan sprake is in Openbaring is dus die van die Satan en nie die van gelowiges nie.*

Uit bogenoemde oorsig blyk dit dat Openbaring 20:2 bedoel dat DIE SATAN IS LETTERLIK GEBIND IN SY STRYD TEEN DIE GELOWIGES en wel vanaf Christus se eerste koms. Dit klop dus met Jesus se opmerking in Markus 3:27. Dit neem nie weg dat sy stryd fel en angstig is nie (12:12, 17; 1 Pet. 5:8), maar dit beteken nie dis, sover dit die gelowige betref, 'n ongebonde en suksesvolle stryd nie. Die enigste binding waarvan sprake is in Openbaring is dus die van die Satan en nie die van die gelowiges nie.

**3.PREEKSKETS: OPENBARING 20:1 - 10.**

Verse 1 tot 3: Christus het die Satan se werking gebind deur middel van sy heilswerk wat in aanvang geneem het met sy eerste koms. Hierdie binding duur tot en met sy vernietiging. Die loslating is bloot met die oog op sy vernietiging. Die bindingsfaktor(ketting) is die Woord(geïnkarneerde en geïnskriptueerde, vgl. 19:11 e.v.). Hierdie binding het konkrete betekenisse ten opsigte van die hemel, kerk en gelowiges(sien uiteensetting by punt 2). Dit het ook betekenis ten opsigte van die ongelowige wêreld. Die Satan kan die wêreld nie meer in vryheid mislei nie want die Woord is beskikbaar(3).

Verse 4 tot 6: Die waarheid is dat die gelowiges reeds saam met Christus regeer. Die afgestorwe gelowiges in die volkome sin van die woord en ons wat nog in hierdie bedeling lewe, in die geestelike sin van die woord.

Ook ons? Ja. Vers 4 verwys na die afgestorwe gelowiges. Vers 5 betrek ook ons want die "eerste opstanding" in Johannese taal verwys na die gelowige se gelowig word as uitvloeisel van sy wedergeboorte.(Johannes 11 : 25, 26). Die tweede dood verwys na die hel(vers 14).

Verse 7 tot 10. Die loslating van die Satan lei tot sy vernietiging. Ook dan is die gelowiges veilig want hy word vanuit die hemel vernietig(9).

*Openbaring 20 vertel ons dus nie soseer van die duiwel nie as wat dit spreek van God se almag en heerskappy, van Sy koms wat op hande is.*

Openbaring 20 vertel ons dus nie soseer van die duiwel nie as wat dit spreek van God se almag en heerskappy, van Sy koms wat op hande is. "Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid."(11:15).

Heinrich Theunissen.
Ned. Geref. Kerk Ngagane-Newcastle.

ISSN 1017-6837 VDM jg 2/2 Junie 1992

PREEK NUWE TESTAMENT

# DIE SATAN GEBIND?

Openbaring 20:2

Om die posisie van die Satan volgens Openbaring 20:2 waar die binding van die Satan ter sprake is, verantwoordelik te hanteer, kyk ons daarna deur die bril van die hele Openbaring en wel aan hand van die volgende aspekte.

**1. DIE TRANSENDENTELE RAAMWERK VAN DIE BOEK.**

Die agtergrond waarteen die gebeure in Openbaring afspeel is die stryd tussen God en Satan. Die sataniese drieheid, Draak - Dier - Valse Profeet, probeer die Goddelike Drie-eenheid, Vader - Lam - Sewe Geeste, se heerskappy ondermyn.

*In Openbaring gaan dit om God se almag en beskikking. Dit is dus verkeerd om die stryd teen die Satan voor te stel asof die gelowige uitgelewer is aan die Satan.*

Openbaring vertel egter saam met bogenoemde verhaal die boodskap van God se almag (5:1 e.v. onder andere), Sy totale beheer oor die Satan en sy aktiwiteite (tydsbeperkinge op Satan geplaas en die gebruik van die passivum divinum), Sy bewaring van die uitverkorenes, gemerktes (13:8 o.a.), en dan natuurlik Sy uiteindelike vernietiging van die Satan(17-20).

Die klem in Openbaring val dus op God se almag en beskikking. Dit is dus verkeerd om die stryd teen die Satan voor te stel asof die gelowige uitgelewer is aan die Satan. Selfs in Openbaring 13 waar hierdie dimensie op die spits gedryf word (vgl. 12:17 die Satan se oorlog teen die gelowiges), word gewys op God se beheer van die stryd (passief in verse 5 tot 8) en die uitverkorenes se bestemde behoud(vers 8). Nie die Satan besluit oor die uitvekorene nie, maar God. Nie die Dier se oënskynlike mag nie (vers 4) maar die bloed van die Lam oorwin (1:5 en 6; 5:9 en 10; veral 7:10 en 12:11). WIE KAN DIE MERK WAT GOD OPGESIT HET AFHAAL? (Vers 7:2 e.v.) **Na bl. 39**

